

JONG SUIDAFRIKA

BLOEMLESTING VIR DIE LAERSKOOLO

ONDER REDAKSIE VAN

C.J. ALERS.



STANDERD II

SKb
372.412

G. L. VAN SCHAIK, BEPK. PRETORIA

ALF

Jong Suidafrika

Bloemlesing-vir die Laerskool

onder redaksie van

C. J. ALERS, B.A.

St. I II III IV V VI
1/10, 2/2, 2/6, 2/10, 3/3, 4/-

"Jong Suidafrika" word gereken tot die beste wat daar nog gepubliseer is in Afrikaanse Skoolleesboeke. Oor die gehele Unie in gebruik.

Hierby gaan:

Jong Suidafrika vir die Substanderds

Vier Boekiës met leesstof vir die Aan-
vanklike Leesonderrig,
 deur C. J. ALERS,

Die prys van elke deeltjie is slegs 1/6.

Die gees van die boekies is deurendeur Afrikaans, en die Afrikaanse kind sal hom onder bekendes in 'n bekende omgewing vind.—(Die Huisgenoot).

J. L. VAN SCHAİK, Bpk., Pretoria..

JONG SUIDAFRIKA

Bloemlesing vir die Laerskool

onder redaksie van

C. J. ALERS, B.A.,

(Normaalskool, Johannesburg.)

Taal en spelling ondêrtoesig van

H. A. STEYN, M.A., M.Ed.

(Goede Hoop Skool, Johannesburg.)

Tekenings van M. Bompas.

STANDERD II.

Negende Druk.

Uitgewers: J. L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA.

Met medewerking van:

HETTIE CILLIÉ
CHRIS. C. EUVRARD,
THEO. W. JANDRELL,
MARIE KRÜGER,
LEON MARE,
SYLVA MOERDIJK,
S. NIEMEYER,
HILDA POSTMA,
E. DE ROUBAIX,
TANNIE,
MARIA J. VORSTER,
G. R. v. WIELLIGH, e.a.

INHOUD

	Bladsy
1. <i>Wiegliedjie</i> Theo W. Jandrell	5
2. Sannie se verjaarsdag ... Hilda Postma	7
3. Twee briewe op een dag M. Krüger	10
4. Bly weg daarvan Na A. Trelker	12
5. Die gulsige Mandoor ... Tannie	16
6. <i>Slaaptyd</i> Hilda Postma	19
7. Elsa se kanaries Hilda Postma	21
8. Ertappels plant Maria J. Vorster	24
9. Die trem Na A. Trelker	27
10. Hoe ma stysel maak ... Maria J. Vorster	29
11. Die wolke K.	31
12. <i>My hond en die blare</i> ... Vertaal deur Hilda Postma	33
13. Piet op die boerplaas ... G. R. von Wielligh	34
14. Koek bak G. R. von Wielligh	36
15. Nou moet jul skool toe ... G. R. von Wielligh	38
16. Die huisie wat loop Hilda Postma	41
17. Mak swaweltjies G. R. von Wielligh	45
18. <i>Etenstyd</i> Vertaal	47
19. Willie en die heuningvoël G. R. von Wielligh	50
20. Die waens wat bly staan	
I M. Krüger	53
21. Die waens wat bly staan	
II M. Krüger	55
22. Kokkewiet en sy vrou ... Maria J. Vorster	58
23. Herfs Hilda Postma	60
24. 'n Vroeë kuiertjie Na A. Trelker	64
25. <i>Vroliek en Olik</i> Bewerk deur Hilda Postma	66
26. Die kalf in die veld G. R. von Wielligh	68
27. Die kalf op die werf G. R. von Wielligh	69
28. Vingers uit die mond ... Na A. Trelker	71

29. 'n Bekommerde moeder- tjie	Tannie	74
30. 'n Gelukkige woninkie ..	Tannie	77
31. <i>Die sirkus</i>	Hilda Postma	81
32. Die ses wit kasteeltjies ..	Hilda Postma	83
33. Ou Moos	G. R. von Wielligh	86
34. 'n Kussinggeveg	Na A. Trelker	88
35. Vlermuisè	G. R. von Wielligh	91
36. Van 'n oop deur	Na A. Trelker	93
37. <i>Verkeerde briewe</i>	Hilda Postma	96
38. 'n Gulsige meneertjie ...	Tannie	97
39. Ben kry 'n brief	Maria J. Vorster	99
40. Op Sandfontein	Maria J. Vorster	102
41. Die ou perskeboom	Hilda Postma	104
42. Die veldbrand	M.	106
43. <i>My bioskoop</i>	Hilda Postma	109
44. Mooi klere en mōtte ...	Tannie	111
45. 'n Josef met 'n bont rok- kie	Tannie	114
46. Wōlletjie-woeps	Bewerk deur Tannie	117
47. 'n Nuwe wêreld	Hilda Postma	123
48. Rieka en die dwergies ...	Sylva Moerdijk	127
49. <i>Die skaduwees</i>	Hilda Postma	130
50. Snoetjie I	Hettie Cillié	131
51. Snoetjie II	Hettie Cillié	133
52. Klein Ondeug	Chris. C. Euvrard	136
53. Die swartbont varkie ...	Bewerk deur G. R. von Wielligh	138
54. Onder die ou doringboom	Riekie Postma	144
55. <i>Die peerboom</i>	Hilda Postma	151



1. WIEGLIEDJIE.

Ag Babsie, waarom huil jy,
O, hoekom treur jy so?
Ek sit jou hier te wieg nou
'n ronde uurtjie glo!

O, ver-ver in die droomland,
waar blompies klein en teer
en grassies in die sonlig
bly huppel op en neer,

Daar het ek langs 'n spruitjie
'n hasie beetgekry;
vlug was hy op sy pootjies,
en ai! so rats daarby!

Net baie moes ek sukkel
voor ek die knapie vang;
sy hartjie klop nes myne,
want hasies is mos bang.

Ek hou hom aan sy stertjie
om hom nou goed te straf;
Hy ruk en pluk en spartel.....
daar breek sy stertjie af!

Ek sit net met die kwassie
verleë in my hand,
en vinnig vlug die vabond
diep in die hasieland!

Ag Babsie, moenie huil nie.....
weer gou-gou moet jy gaan
so stil-stil na die droomland,
tot waar die blompies staan;

Daar vind jy in die grassies
jou hasie weer, ek weet;
kry hom net vas en stewig
so aan sy oortjies beet.



Dan trippel-trappel kom jy
 met jou klein hasie t'rug;
 O, lekker-lekker ry jy
 bo-op sy sagte rug!

Lief Babsie, moenie huil nie,
 jy 's nou die berge oor
 en diep-diep in die droomland;
 O, moenie treur nie, hoor!

THEO W. JANDRELL.

2. SANNIE SE VERJAARSDAG.

Sannie het Woensdag verjaar. Die vorige dag het daar 'n groot pak van die winkel af gekom. Dit was die present wat haar pa en ma vir haar gekoop het.

Wat sou dit wees? Binne in haar ma se klerekas word die gebêre. Sannie mag dit nie sien nie.

O, Sannie was tog so bly, haar ma het vir haar verjaarsdag 'n pragtige koek gebak. Nou versier sy dit met sneeuwit suiker. Raai wat kom nog daarop? Vyf wit kersies, wat môre aangesteek word, want dan is Sannie mos vyf jaar.

Wat dink julle doen sy? Sy nooi 'n paar van haar maats om by haar te kom koek eet. Dit sal tog heerlik wees. Dan trek sy haar mooi wit son-dagsrok aan met die blou strikkies.

Die nag kon Sannie nie slaap nie. Hoekom is die nag so lank? dink sy. Sy kyk net na die venster, of dit tog nie wil lig word nie.

Daar hoor sy: „Hoe-hoet!” Sy skrik. Wat is dit? Seker 'n uil op die skoorsteen! Sannie trek die kombers oor haar kop. Naderhand raak sy vas aan die slaap.

Nou begin dit lig word. Die haan kraai ku-ku-le-ku-u-u! Sannie skrik wakker. Sy vryf haar oë. Sy sê: „O ja, dis mos vandag my verjaarsdag.” Sy kyk rond. Wat sal sy sien? Op die tafeltjie by haar bed lê 'n groot pak.

Vinnig maak sy dit oop. O, 'n fraai waspop met 'n blou syrok aan! Mooi krulhaartjies onder 'n blou syhoedjie, en wit kousies en skoentjies aan! Sannie tel dit op. Daar gaan die ogies oop. Sy lê dit in haar arms. Daar gaan die ogies weer toe! Ag, dit was te mooi! Ma en pa moet dit ook sien!

In die middag het mammie vir haar 'n tafeltjie gedek met 'n mooi wit doekie. Sy sit die koek daarop neer, en steek die kersies aan. O, hoe mooi lyk dit!

Tok-tok! klop dit aan die voordeur. Dit is haar maats, wat sy genooi het. Elkeen bring vir haar 'n present. Het sy nie mooi presente gekry nie!—'n Groot prenteboek, 'n doos met blokkies om mee te bou, en nog iets!

Dit is 'n mooi popteestel met blou koppies en pierinkies!

Toe gaan sit hulle om die tafeltjie. Eers moet elkeen probeer om 'n kersie dood te blaas. Dit was 'n grap! Hulle blaas en blaas, tot almal dood is! Toe sny mammie die koek, en Sannie skink tee in. Het hulle nie lekker gespeel nie!

Toe haar maats weg is, trek Sannie haar groot pop uit en sit dit in die bed. Elke aand sing sy haar pop aan die slaap:—

Slaap, kindjie klein!

Die windjies roer die gordyn!

Die wolgies, soos wit skapies, dwaal,

Daarbo, waar die maanlig so saggies straal.

Slaap, kindjie klein!

HILDA POSTMA.

3. TWEE BRIEWE OP EEN DAG.

„Dag Ma!” sê Andries en hang sy boeksak aan die pen op.

„Dag Mammie,” kom dit van sy sussie Hettie.

„Dag kinders,” antwoord moeder, „het julle nie alte warm gekry nie? Die son verbrand nou alles.”

„Ons het nie so baie wárm gekry nie, Ma,” sê Andries, „die son het agter 'n groot wolk ingekruip.”

„Dis omdat die son ons jammer kry, nè Mammie?” vra Hettie.

„Ja, ma dink so. Gaan was julle handjies en kom eet.”

Aan die tafel kyk Petrus, die oudste brøer, elke slag na Hettie. Ma merk dit en skud haar kop teen Petrus. Nou weet hy, dat hy nie mag praat nie.

Hy weet seker iets, wat haar hart sal seer maak. Hoe kan 'n mens ook eet, as jy bedroef is? Na die ete sê Petrus:

„Ek weet iets, Hettie.”

„Wat is dit, Boetie?”

„Dit is van 'n blommetjie.”

„O, ek weet,” sê Andries, „dis jou Blommetjie wat siek is. Pa het vanmôre gesê: Blommetjie sal dood wees voor die son vanaand ondergaan.”

Arme Hettie! Die traantjies kom in haar ogies.
„Is dit waar, Ma?” vra sy, terwyl haar lippies bewe.

„Jou kalfie is siek, my kindjie.”

„Moenie huil nie, sussie,” sê Petrus, „ons dokter jou kalfie. Sy sal miskien gesond word.”

So gou as die wind hardloop Hettie en Andries die huis uit na die siek kalfie toe. Onder die boom by die kraal lê die arme diertjie.

Hettie het dadelik gaan kniel by Blommetjie en met haar gesels. Andries het ook baie dinge gevra. Eindelik gaan hulle huis toe. Maar soe! het hulle nie geskrik nie! 'n Lelike slang seil vlak voor Andries se voetjies verby.

By die huis skryf Hettie hierdie briefie:

Liewe Blommetjie,

Ek kry jou so jammer. Ly jy baie pyn? Waarom het jy ons so skrikgemaak, toe ons by jou was? Jy het jou oë omgekeer, jou tong uitgesteek en 'n swaar sug gegee. Ek het regtig gedink, dat jy sterwe.

Moenie doodgaan nie, hoor! Ek sal baie bedroef wees, as jy nie luister nie.

Dag Blommetjie,

Jou kleinnonnie,

Hettie.

En Andries was ook klaar met sy brief:
Kwaai ou slang,

Ek hou niks van jou nie. Dis jou geluk,
dat jy my nie gebyt het nie. Weet jy, wat sal
my pā met jou maak? Kom na die kombuis
se agter deur en bring vir jou vier maats saam.
Net soos jy sien, pā staan in die deur met sy
geweer, moet jy kom. Kom seker.

Jou groot baas,

Andries.

M. KRÜGER.

4. BLY WEG DAARVAN.

'n Klein seuntjie het eenmaal vreeslik honger.
Hy neem toe die groot mes. Daarmee loop
hy na die lekker vars brood toe.

Die brood het 'n harde, bruin kors, waarop dit
net baie trots is.

„Nee, nee!” sê die brood, „daar kom niks van
nie. Bly weg van my mooi kors af!”

Maar die seuntjie het tog so honger!

Hy druk die mes teen die harde kors. En nou
hou die brood hom styf.

„Sny dan tog,” sê die seuntjie vir die mes, „jy
weet mos, dat ek honger het.”

Maar die mes is volstrek nie haastig nie.

„Stadig! stadig! Moenie jou so ontstel nie,”
sê die mes.

„En jy sal sny!” roep die mannetjie.

Toe druk hy baie hard teen die kors.



Opeens draai die mes om in sy hand. Byna het hy hom gesny.

Nou word die seuntjie regtig kwaad. Hy gryp die mes styf vas in sy vuisie: „Jy moet deur die kors,” sê hy.

Net so hard as wat hy kan; druk hy die mes teen die brood.

„Piep!” praat die mes. Dit beteken: „Help my tog.”

„Goed,” sê die brood.

„Bom!” daar val die brood om op die tafel.



„Klets!” daar lê die mes. langsaan.

En met die val sny die skerp mes in die handjie van die arme seuntjie. Hy hou sy handjie omhoog. Die bloed loop daarvan af.

„O, O! Ma, Ma! O, my hand!”



Al die tyd lê die skerp mes en die harde brood
daar doodstil. Hulle maak of hulle daar niks van
weet nie.

Ma help toe gou-gou haar seuntjie.
 Die brood en mes sit sy in 'n donker kas. Die
 deur maak sy styf toe.
 Dit het hulle nou daarvan.

Na A. Trelker uit „Jong Leven.”

Uitgawe van C. A. J. van Dishoeck, Bussum.

5. DIE GULSIGE MANDOOR.

Mandoor was van die begin af die grootste kuiken van die hele broeisels. Annie se ma het vir hom die naam gegee. Sy het gesien, hoe hy altyd wil baas speel oor die ander kuikens.

Klein Annie was so lief om vir die kuikens kos te gee. Sy haal 'n emmertjie vol mielies en koring uit die sak in die speis en dan strooi sy dit buite voor die agterdeur.

„Kiep, kiep!” roep Annie. Van alkante kom die hoenders aangehardloop om die kos op te pik.

En wie is dan altyd die voormannetjie?

Mandoor! Hy loop somar die ander kuikens onderstebo en probeer alles voor hulle neus wegpik.

En kyk maar as daar mieliepap vir die hoenders gegee word. Mandoor gryp altyd die grootste stuk en gaan daarmee op die loop.

Dit is verniet, dat die ander kuikens probeer om hom in te loop. Hy het die langste pootjies van almal en hy kan sy tree goed rek.

Dit is seker ook die rede, waarom hy groter is as die ander kuikens. Hy sorg daarvoor, dat hy meer as sy porsie kry van die kos, wat bedoel is vir almal. Hy is so gulsig soos 'n varkie.

Maar een dag het Mandoor hom vasgeloop. Annie se ma het 'n hele ry rissieplante in die tuin gehad. Soos julle weet, is rissies baie mooi om na te kyk, so rooi soos ryp pruime. As 'n mens hulle nie ken nie, sou jy dink, dat dit 'n lekker vrug moet wees.

Maar proe 'n bietjie daaraan!

Jou mond brand soos vuur en jy weet nie, waar om jou in te steek van die pyn nie.

Nou ja, dit het Mandoor natuurlik nie geweet nie.

„Dis nou weer 'n kans vir my om lekker te eet,” dink hy, toe hy die rissies daar sien hang.

„Ek moet gou maak,” dink Mandoor, „as die ander kuikens dit sien, dan wil hulle ook daarvan hê.”

En wat doen hy? Hy pak die grootste rissie, wat goed ryp was en alte mooi lyk. Hy pik en pik en daar kom 'n gaatjie een kant in en die pitjies kom daaruit.

Hoe dom van daardie kuiken, nè? Hy wag nie eers, dat sy ma vir hom moet vertel of dit goeie kos is wat 'n mens,—nee, ek meen 'n kuiken kan eet nie.

Hy begin somar gulsig te pik en te sluk, so al wat hy kan. Maar hy het hom lekker gefop. Die rissie brand sy bekkie, dat hy geen raad weet nie.

Hy hardloop na die waterbakkie en drink van die koue water. Hy dink dit moet die brand oormaak. Maar dit help niks. Toe staan hy daar en gaap met die oop bekkie, dat die wind dit moet koel maak.

Hy dink die ander kuikens sal vir hom jammer kry. Maar hulle weet nie wat hom makeër nie. Hulle dink hy moet siek wees en probeer hom help deur hom 'n pik op die kop te gee!

Hoenders maak mos so. As hulle sien, dat een van hulle maters siek is, dan pik hulle hom altyd. 'n Hoender moet seker dink, dat 'n pik op die kop baie goeie raad moet wees vir siekte.

Met die oop bekkie, en met sy vlerkies ook wyd uitgesprei, hardloop Mandoor na sy ma toe. En sy ma het hom jammer gekry. Sy gaan plat sit, sodat hy onder haar vlerke kan inkruip.

Dit was vir Mandoor 'n troos, dat hy onder die sagte vere van sy ma kon skuil. Maar dit het nie

vir die brand van die rissies gehelp nie. Hy het baie tyd gehad om te dink oor die ongeluk, wat hom oorgekom het, omdat hy so baie gulsig was.

Dit spyt my, maar ek kan nie sê, dat die les hom enigsins goed gedoen het nie. Hy is nog maar net so'n mandoor soos altyd.

Maar wat kan 'n mens ook van 'n kuiken verwag? As dit nog 'n kind was, dan sou hy seker geleer het, hoe lelik dit is om alles alleen te wil op-eet.

TANNIE.

6. SLAAPTID.

(Vry na T. Hood.)

Dag is om, die son gaan onder,
 Rooi daar in die Wes;
 „Twieriet, twieriet,” roep die mossie,
 Wip al om haar nes:
 „Kinders, kom, jul pret laat staan,
 Kleintjies moet nou bed toe gaan!”

“Vlinder vou twee bonte vlerkies,
 Duifie koer en koer;
 Bytjie in sy heuningkamers

Honderd mondjies voer;
 Dag is om, en werk gedaan,
 Kleintjies moet nou bed toe gaan!"

„Mê-mê" kom van ver die lammerſ,
 Stowwig na die kraal;
 „Kloek-kloek" roep die hen haar kuikens,
 Wat nog om haar draal;
 Dag is oor, die nag kom aan,
 Kleintjies moet nou bed toe gaan!

Tol en hoepel word gebêre,
 Sit nou weg die pop;
 Niks meer doen nie, niks meer speel nie,
 Steek die kers maar op;
 Vinnig kom Klaas Vakie aan,
 Kleintjies moet nou bed toe gaan!

Handjies skoon, en skoon die mondjies,
 Kleertjies netjies lê;
 Ogies toe, en handjies same
 Eers gebedjies sê;
 Nag ou wêreld, nag ou maan!
 Kleintjies moet nou bed toe gaan!



7. ELSA SE KANARIES.

Op die agterstoep het Elsa se pa een hoek met fyn ogiesdraad afgekamp vir 'n hok vir Elsa se kanaries.

Sy het vir hulle swaaië gemaak om op te ry. 'n Vat met 'n dooie boompie staan op die grond in die middel van die hok.

Aan die takke van die boompie hang klein ronde mandjies, wat Elsa self van rotting gevleg het.

In die mandjies maak die kanaries nes. Net wanneer die winter verby is, en die son lekker warm word, sit Elsa 'n handjievul sagte dons, of watte in die hok. Heeldag vlieg die outjies dan heen en weer met 'n veertjie in die bekkie om nes te maak.

Elsa gee vir hulle voëltjiesaad om te eet. Hulle pik dit oop, eet die korrels binne-in, maar laat die leë doppies in die bakkie agter.

Elke môre maak Elsa die deurtjie van die hok oop, en haal vinnig die bakkie uit. Dan blaas sy die leë doppies weg, maak die bakkie skoon, en sit vars saadjies in.

Die liewe klein geelborsies sit al die tyd vir haar uit die takke en loer, met skewe koppies, eers met die een oog, dan met die ander, asof hulle vra: „Wat maak jy nou?” Net soos die bakkie weer in is, vlieg hulle soos een af op die bakkie, en dan hoor ’n mens net doppies kraak.

Water moet hulle ook hê. ’n Vlak wit kommetjie met vars water staan ook in die hoek. Dis te lief om te sien, hoe hulle smôrens in die water plas, as hulle bad!

Eers dans een of twee àl om die rand van die kommetjie, dan—plas! gly daar ene in, en spartel met sy vlerkies in die water, dat dit so spat!

Dan gly daar nog een in, dan nog een! Elkeen wat uitkom, gaan sit op ’n takkie sy veertjies en stryk, en skud, om te droë.

Maar Elsa gee vir haar kanaries lekkergoed ook! Raai nou net wat is hulle lekkergoed! Vars groen peperbossies, en mosterdblaartjies. Hulle hou baie daarvan. Net soos sy dit in die hok gooi, fluit hulle „Twieriet” asof hulle sê: „Dankie!”

Soms kom daar ’n mossie of ’n ander voeltjie



vir hulle kuier, en pik die saadjies op, wat buite-
kant geval het.

Een môre hoor Elsa, hulle fluit so hard, net
asof hulle haar wil roep.

Haar ma sê: „Elsa, hoor hoe roep jou voëls,
het jy hulle al kos gegee?”

„O ja, Mammie,” sê sy, „maar ek sal gaan
kyk, wat wil hulle hê.”

Sy gaan hok toe, maar sien niks.

Nie te lank nie hoor sy hulle weer roep.

Die keer kyk sy deur die venster, en o ja, nou
sien sy wat dit is! ’n Skelm muisie het deur ’n
gaatjie in die stoep gekruip, en hardloop in die hok
rond!

Die kanaries, ewe verskrik, sit bo-op die swaaie,
en roep „Twieriet, kyk wat is in ons hok!”

Maar net soos Elsa uitkom, wip! weg is die
muisie. Hoe sal sy nou maak om die muis uit te
kry? ’n Slagyster kan sy nie in die hok sit nie, want

dan gaan sit daar dalk 'n kanarie op; en foei, as een outjie sy pootjie daarin moet kry! Nee, dit sal nie betaal nie!

„Pappie,” vra Elsa, „hoe sal ek die muis uit my kanariehok kry?”

Haar pa gee haar 'n goeie plan.

In by die deurtjie van die hok kruij Elsa, en haar pa hou die deurtjie toe. Sy het 'n troffel met sement, wat haar pa aangemaak het. Daarmee gaan sy die gaatjie toestop!

Maar, wat dink julle, oor 'n paar dae het die muisie 'n nuwe deurkruipplekkie gekry, en stap maar weer in die hok rond!

„Nou ja,” sê Elsa, „nou moet julle maar vriende maak.” En dit het hulle ook gedoen. Hulle het groot maats geword, en die kanaries het niks omgee, as die muisie van hulle saadjies wegdra nie. Hulle het altyd lekker saamgelag, as die kat by die draad kom krap om in te kom!

HILDA POSTMA.

8. ERTAPPELS PLANT.

In dié ploegtyd is dit 'n hele aardigheid vir die kinders, as die akker ertappels moet geplant word, want daarby het pa altyd die hulp van hul almal nodig.

„Kinders,” sê pa weer vanoggend, „as dit klaar ingespan is, moet julle vir my kom help ertappels plant, hoor!”

Toe ma dit hoor, soek sy gou vir elkeen 'n geskikte emmertjie of mandjie, om die moertjies in te dra.

Kosie kry die grootste emmer, Martha kry 'n kleiner emmertjie en klein Sarie kry 'n ligte klein mandjie.

Ma bind self die twee dogtertjies se wit kappies op hul koppies vas, sodat hulle nie alte veel moet verbrand in die warm son nie.

In die land staan 'n sak vol ertappels, wat moet geplant word. Daar maak hulle nou hulle emmertjies en mandjie vol.

Swartbooi lei tou. Fanie, die groot seun, dryf, pa hou ploegstert en agter die tweevoorploeg loop die plantertjies, Kosie, Martha en Sarie, om die beurt die akker op en af. Solank as dit die een se beurt is om die ry te plant, sit die ander twee die groot ertappels en middeldeer sny. Hulle moet net sorg, dat elke stuk 'n paar oë het; want 'n ertappel moet mos juis 'n oog hê om te groei.

By die plantery is ook baie dingetjies, waarvan hulle moet dink: die ertappels moet net een-geplant word, hulle mag nie twee tegelyk laat

val nie; die ertappels moet nie te na aanmekaar en ook nie te ver vanmekaaraf wees nie.

Pa het gesê: „Kinders, onthou nou, julle tree-tjies is omtrent net mooi die regte afstand, wat die ertappels vanmekaaraf moet lê. Vir elke stappie vorentoe gooi julle 'n ertappelmoertjie in die voor, hoor!”

„Ja Pa, dit is goed,” antwoord die drie en so stap hulle agter die ploeg aan, een voor op en die ander voor af.

Die son word warm en hulle begin al net moeg en dors voel. Daar kom ma van die huis af aangestap. In haar een hand dra sy 'n emmertjie en in die ander een 'n paar bekertjies.

Sarie sien haar die eerste en sê ewe bly: „Daar kom ma met die tee aan.”

„Hiep, hiep, hoera!” skree Kosie en Martha gelyk en pa glimlag saam, want sy keel was ook al net droog.

Dit was darem nie tee of koffie, wat ma vandag vir hulle gebring het nie. Dit was lekker vars karringmelk, wat op so'n warm dag juis op sy beste smaak.

Teen etenstyd was die ertappels klaar geplant. Die drie kinders het net moeg maar gelukkig gevoel. Die hele jaar deur het hulle baie belang in die akker ertappels gestel en daar plesier in gevind om te sien, hoe mooi dit groei.

MARIA J. VORSTER.

9. DIE TREM.

Die skool kom net uit.

Kyk, daar loop twee dogtertjies. Hulle is maar klein en nog nie lank in die skool nie. Tog mag hulle alleen oor die straat gaan.

Ma sê net altyd: „Pas op vir die trem!”

Dit doen hulle.

Kyk net hoe versigtig loop hulle en hoe goed kyk hulle rond. Dis ook so gevaarlik in 'n groot straat.

„Wag 'n bietjie,” sê Miemie, „daar kom 'n fiets.”

Toe kom daar nog 'n fiets van die linkerkant. Regs kom daar 'n motorkar. Nou kry hulle kans om oor te gaan.

Ting, ting, ting, ting!

O, daar is die trem. Hulle wag weer 'n bietjie. Nou wil hul gou-gou oorgaan.

O, daar kom nog 'n trem. Maar dit merk die arme kinders nie.

Ting, ting, ting, ting, ting! waarsku die klok.

Die man van die trem sit die rem aan. Reng, rang! so knars dit. Die mense wink en roep. Een vrou gee 'n gil.

Die klein dogtertjies loop al die tyd hand aan hand. Hulle merk niks nie.



Daar hou die trem stil, vlak agter die dogtertjies.

Die man bewe van skrik. Hy is bleek en kan nie praat nie.

Die ander mense brom teen die klein meisies. Die arme ou kindertjies het hulle doodgeskrik. Hulle kan dit nie begryp nie. Het hulle dan nie goed opgepas nie?

Toe huil hulle.

Dit was seker maar die beste.

Na A. Trelker uit „Jong Leven.”

Uitgawe van C. A. J. van Dishoeck, Bussum

10. HOE MA STYSEL MAAK.

„Jan,” sê ma een oggend, „gaan haal eers gou vir my 'n groot emmer ertappels uit. Ek wil vandag stysel maak, want myne is gedaan.”

Toe Jan die ertappels bring, het Babsie en Miena dit mooi skoon afgewas en toe het ma kom help.

Eers word die ertappels mooi fyn geraspe. Dit lyk nou baie net soos 'n klomp wit modder. Toe dit klaar geraspe is, sê ma: „Miena, gaan haal jy gou die gruissif in die melkkamer, en Babsie, bring jy die groot wit oortjieskottel.”

Goed, die sif word oor die emmer gesit. Ma gooi 'n halwe emmer water oor die gerasperde ert-

appels en gooi dit toe alles in die sif. Dit word effens geroer en gevryf; al die water loop uit en die ertappels bly agter. Toe gooi ma weer die emmer se water deur 'n doek in die wit skottel, gooi die, wat in die doek agterbly, terug in die sif en sê: „So, nou kan jy dit maar in die varkhok gaan gooi, Jan.”

„En waar is die stysel dan, Ma?” vra Jan, want dit is vandag die eerste keer, wat hulle vir ma help om stysel te maak.

„Dit is in daardie skottel,” sê ma en sy wys na die klomp vuil water.

„Wat, Ma?” sê Miena verwonderd, „dan moet Ma liewers nie weer my voorskootjies stywe nie, want as dit daaruit kom, sal dit nie meer wit wees nie.”

„Toe maar,” sê ma, „'n mens kan nie stysel in een dag klaar maak nie. Jy kan teen die end van die week vir my sê, of jy nog jou voorskootjies ongestywe wil hê.”

Elke oggend en elke aand het ma haar kinders geroep en dan help hulle haar om die water, wat bo-op die stysel staan, af te gooi.

Die stysel lê dan in 'n gelyk laag onder op die boom van die skottel. Daar word dan weer skoon water opgegooi en die stysel word goed losgeroer, dan moet dit weer 'n tydlang stilstaan om af te sak.

Elke dag word die water 'n bietjie skoner, elke dag word die laag stysel ligter van kleur. Dit lyk nou half rooskleurig. Teen die end van die week, was die water, wát bo staan, al helder skoon en die stysel op die skottel se boom was so wit soos melk.

„My Ma,” sê Miena, „as ek aan die modderwater dink, waarmee ons begin het, dan kan ek my eie oë nie glo, dat die skoon, wir stysel daaruit kom nie.”

„En wat van die voorskootjies?” vra ma.

„Ma moet hulle asseblief maar stywe,” was die antwoord.

MARIA J. VORSTER.

11. DIE WOLKE.

Piet lê onder die wilgerbome by die dam.

Dit is 'n lekker plekkie, waar hy lê.

Wrrrt—daar vlieg die vinkie uit sy nessie.

So vinnig en so rats!

Kyk nou. Hier kom hy weer!

Hy bring boustowwe saam vir die nes: gras-sies; veertjies, pluysies, almal sagte donsige goedjies.

* Dit sal vir jou 'n lekker nessie word!

En daar kom sy maat ook.

Met die koppie uitgestrek fladder sy vlak voor die ingang. 'n Oomblikkie bly sy hang, dan kruip sy ook in die nessie.

Dis net gaaf om hier te lê.
 En daar hoog in die lug is die wolke.
 Hulle gooi 'n groot skaduwee oor die veld.
 Die wolke dryf stadig in die blou lug.
 Hoe mooi is die wolke tog!
 So wit en so sag lyk hulle.
 Waar kom julle vandaan? Uit die see?
 En waarheen dryf julle? Gaan julle ver weg?
 Ek het lus om saam te reis. Dit sou lekker wees.
 Maar 'n ver tog, ou matie!
 Ons drywe ver na die hoë berge se kant toe.
 Ons word altyd meer en meer op ons reis.
 En die mense, wat ons sien, wys na ons:
 „Kyk daardie wolke!”
 Hulle wys hierbo na die lug, waar ons is.
 Partymaal kry die mense koud, as ons kom.
 Dan hou hulle nie van ons nie.
 Maar partymaal gooi ons water af, baie water
 en dan is die mense bly.
 Ons dink jy sal nie saamgaan nie. Jy sal bang
 word, so ver en so hoog.
 Net die voëls is hier om ons. Hulle is glad
 nie bang nie. Hulle vlieg saam met ons op ons lang
 togte.
 Tot siens, ou maat!



12. MY HOND EN DIE BLARE.

Die droë blare een vir ene,
 Val orals van die bome af;
 Hul jakker in die windjie rond,
 En Kwas, my speelse, klein ou hond,
 Sit agterna en blaf!

Met stertjie in die lug, so ja hy,
 En hap nou hier, en dan weer daar;
 Maar hoe hy spring, en hoe hy veg,
 Die blaartjies dans al voor hom weg,
 En dwarrel uit mekaar!

Nou wag die outjie eers 'n rukkie,
 En rus 'n weinig van sy jag:
 Daar dwarrel almal skielik rond,
 En dans en draai al om my hond
 As om hom uit te lag!

Hy spring orent, nou boos en nydig,
 Hy hap so kwaai, en knor en blaf!
 Maar dis verniet! die jool'ge lot
 Hul wals en dwarrel, skoon verspot,
 Kwas agterna, die voetpad af.

VERTAAL DEUR HILDA POSTMA.

13. PIET OP DIE BOERPLAAS.

Daar is baie wat sê, dis lekker om op 'n boer-
 plaas te woon.

Dan is daar weer wat volhou: „Nee, op 'n
 dorp het jy meer plesier.”

Nou, wat sê julle, wie het gelyk?

Of is dit waar, dat ons lekker woon op die plek,
 waar ons opgroei en ons vriende is?

Vir Piet was daar nie 'n mooier plek nie, as
 sy pa se plaas, waar hy vry kon speel.

Ook was al sy vee daar, sy skapies, sy beeste en sy donkies. Ja alles.

Piet was 'n knap seun; hy het graag gewerk, maar kwaad doen was sy voorland.

Een môre stuur sy ma hom na 'n buurvrou toe om eiers vir agtuur te gaan haal.

Die mense wag om te eet, maar Piet bly weg en kom nie uit nie. Sy ma word kwaad.

Toe dit middag was, hier kom Piet aangestap. Sy ma vra: „Piet, waar bly jy so lank?”

„Ma, toe ek² daar gekom het, het die henne nog nie almal gelê nie, so moes ek wag.”

„Piet, jy skiet met spek, die eiers is dan almal ou eiers,” sê sy ma.

„Ja Ma, die tante se henne is dan almal stok-oud, hoe kan hul dan jong eiers lê?”

Sy ma skud haar kop en glimlag vir Piet se plan en sy vra: „Hoekom is jou klere so nat? Kom, kom, vertel die waarheid!”

„Ma, ek het in die dam geval,” mompel hy.

„O so, nou weet ek, waar jy so lank was; jy het op die dam in die balie geseil.”

Piet kyk na die deur of dit oopstaan, hy kyk na die hoederak, waar die rotting hang en hy kyk in sy ma se oë.

Die deur was toe, die rotting hang daar, sy ma se oë is kwaai en sy hart klop.

„Die balie het met my op die dam omgeslaan, so het ons kinders nat geword.”

Woeps! val 'n hou. „Asseblief Ma!” roep Piet. „Asseblief Ma, ek sal nie weer nie!”

Waps! val 'n 'ander hou. Piet dans en roep uit: „Asseblief Ma! Ek sal nie weer nie!”

G. R. VON WIELLICH.



14. KOEK BAK.

Dit was Oujaar en al die vrouens bak koek vir die Nuwejaar.

Piet en Lena was ook in die kombuis, waar hul ma besig was; hul staan haar in die pad en sy sê: „Ag kinders, loop speel!”

Maar hoor is net verniet; toe hul ma 'n latsoek, toe spaander hul bome toe.

„Kom ons bak ook koek,” sê Lena.

„Waar kry ons eiers?” vra Piet dadelik.

„Ons neem maar eiers van voëls,” was Lena se plan. „Hier is baie nessies.”

Piet klim in die boom, maar kry net 'n paar eiers, dog hy sê: „Kom ons gaan van ma se hoenders se eiers steel.”

„Nee Piet, as jy dit doen, dan gaan ek vir ma sê, want sy betaal tien sielings vir 'n broeisel van daardie eiers.” En sy staan op.

„Wag, wag Lenatjie, moenie gaan vertel nie, ek weet waar ou. slegte eiers is.”

Lena kom sit en Piet draf weg en gaan tog die duur eiers haal, en was gou terug.

In die wal graaf hul 'n bakoond, toe was die grond hul meel, die sand hul suiker en modder hul konfyt.

„Lena, loop soek jy hout en gras om vuur te maak, ek sal 'n kool vuur gaan haal.”

Die gras en hout het hul in die oond gestee, toe stoot Piet die kool daarin.

Hy blaas en blaas, die gras brand, maar wil nie vlam nie, so trek hy die gras uit.

Met hierdie gewerskaf raak die droë blare onder die boom aan die brand.


Piet se pa kom om die vuur dood te slaan. Piet help, Lena help en hul ma kom ook.

Toe die vuur dood was, sien hul ma doppe van eiers daar rondlê.

Sy stap na haar neste toe en ja waarlik die duur eiers is weg; ook is Piet op die vlug en arme Lena kry eerste slae.

Die middag toe hy kom eet, waai die lat en Piet spring in die lug.

G. R. VON WIELLICH.



15. NOU MOET JUL SKOOL TOE.

Dit word nou tyd, dat Piet en Lena moet skool toe gaan; daar naby was een.

Piet se pa koop twee donkies, tuie en 'n kar. Piet moes self die kar dryf.

Eers het hy mooi gery, maar later het hy begin wild ry; dit maak Lena bang.

Sy kom kla dat Piet oor klippe en deur slote ja, waaroor sy pa hom knor.

By die skool was bome, daar het hul altyd uitgespan en smiddags geëet.

Langs die bome was 'n boord en wingerd; een middag sê Piet: „Lena, kom ons gaan druiwe eet, daar is ook spanspek.”

„Nee,” antwoord sy, „dit is sonde om te steel, ek gaan nie mee nie.”

„Ag, wat wou dit sonde wees, die goed is mos gemaak om te eet; toe kom!”

Dog Lena bly by die kar onder die boom, sy neem haar boek en begin les te leer.

Deur die draad kruip Piet, hy pluk sy hoed vol druiwe en neem 'n spanspek.

Met sy terugkoms bly hy in die draad vassit en hy kon nie wegkom nie.

Die baas sien dit en hy kom haastig aan.

„Lena, Lena! kom help, kom gou, hier kom die baas aan. Toe, laat ek weghol!”

Gou kom sy om haar broer uit sy nood te verlos en sê: „Ek het jou gesê, om nie te gaan steel nie.”

Net toe Piet los was, staan die baas daar en roep uit: „Hoekom steel julle my vrugte?”

„Dis nie ek nie,” sê Lena, maar Piet vra:

„Oom, kan ons maar die druiwe en spanspek vir ons twee neem?”

„Waarom nie eerder kom praat nie? Nou sal julle twee iets anders kry.”

Piet moes die duiwe dra en arme Lena die spanspek, en sy huil baie.

Die baas bring hul by die meester, en hoe Lena ook al sê, dat sy nie gesteel het nie, tog kry sy saam met Piet slae.

Verder moes die twee drie dae skoolsit vir wat Piet gedoen het.

G. R. VON WIELLIGH.





16. DIE HUISIE WAT LOOP.

Plato was die naam van Hendrik se mooi groot hond. Hy was baie lief vir sy basie Hendrik, en in die middag, as Hendrik uit die skool kom, loop hulle tesame uit.

As Hendrik swem, swem Plato ook saam. En as iemand naby sy basie se klere kom, dan blaf hy so kwaai, dat almal somar vir hom padgee. Hy hou hom so grootman, asof hy net soveel weet soos sy baas.

Een middag loop Hendrik en Plato ver uit in die veld. Hendrik tel 'n klippie op, en gooi dit ver, ver die bossies in. Plato hardloop met groot spronge deur die bossies, en een, twee, drie, bring hy die klippie in sy bek terug!

Nog 'n bietjie verder gooi Hendrik die klip. Weg spring Plato weer. Net toe hy dit in sy bek wil optel, sien hy iets 'n end verder weg.

„Ha,” dink meneer Plato, „daar loop 'n hasie, ek sal hom kry.” Hy hardloop daarheen, maar toe hy nader kom, staan hy botstil!

„Maar dis mos nie 'n haas nie! Hy's te stadig,” dink Plato. Bang-bang gaan hy nader. „Is dit dan nie 'n klip nie? Of het my oë my geflous? Ek dag ek het vier pootjies en 'n kop gesien. A nee a, my oë flous my!”

Nog nader kom hy, en lig sy een voorpoot op. „Tok-tok” klop hy op die ding. „O, maar is dit nie 'n pragtige klip nie, kyk hoe mooi krul die rand om, en bo is dit nes 'n dop met prentjies op!” En „Tok-tok” klop hy weer.

„Hie-Hie!” lag die skilpad, wat sy kop en pootjies ingetrek het, en nou so vir Plato terg. Sy skelm ogies loer van onder die gekrulde rand vir Plato. „Hie-Hie!” lag hy. „Hy dink ek is 'n klip, nè? Wag, maar.” En meteens steek hy kop en pootjies uit, en begin te loop!

„Woef, woef, woef!” blaf Plato en rol van skrik byna op sy rug! „Woef! wie is jy?” vra hy.

„Hie-Hie!” lag die skilpad. „Jy dink mos ek is 'n klip, nè? My naam is skilpad, meneer hond, en ek is 'n bietjie ouer as wat jy dink.”

„Woef, kan jy byt?” vra Plato.

„Kom 'n bietjie nader met jou poot,” sê die skilpad.

„Woef, nee,” sê Plato, „kruip jy eers uit jou huis, dat ek kan sien hoe jy lyk.”

„Hie-Hie!” lag skilpad. „Ek uitkruip! hoe kan ek? My huis is dan vas op my rug! Waar ek gaan, dra ek hom saam. Sien jy my mooi gekrulde dak, mooier as al die rooi dakke in julle dorp! As dit reën, of as die wind waai, trek ek net kop en pootjies in, en slaap maar tot die son weer skyn. Ek lewe op die lekker groen grassies. My vier kort dik pootjies dra my oor berg en veld vir myle ver. So stadig soos ek loop, kom ek tog, waar ek wil wees. En kry ek nie gras nie, dan kan ek vir maande sonder kos bly, tot ek weer by gras kom. O ja, glo my, ek is taai! Kyk hoe dik is my vel!” En hy steek sy nek uit.

Al die tyd soek en soek Hendrik sy hond. Daar sien hy hom doodstil staan tussen die bossies. „Plato, Plato!” roep hy, en fluit.

„Woef,” blaf Plato, en spring na sy baas toe. Dan hardloop hy weer terug, net asof hy hom vra om daarheen te kom.

Hendrik ken sy hond, en gaan kyk, waarom hy daar bly staan het.

Daar sien hy die skilpad.


„A,” sê hy, „Plato, jy het lekker geskrik, nè?” „Woef, woef,” blaf Plato en klop met sy voorpoot

op die dop asof hy sê: „Kom asseblief 'n bietjie uit, hier is my baas.” Net toe skilpad sy kop uitsteek, spring hy weer opsy. Hendrik lag so lekker vir die groot hond, wat so bang is vir 'n skilpad.

Toe hulle terug huis toe gaan, kyk Plato elke keer om, of die skilpad nie agter aankom nie. Hy was net lelik bang.

Heelnag het hy met een oog oop geslaap, dan droom hy van die huisie wat loop, en voel asof die skilpad sy toon vang; hy blaf: „Woef! Woef!” en word wakker!

HILDA POSTMA.



17. MAK SWAWELTJIES.

Die koue winter is verby en die voëltjies begin te sing en nessies bou. Hoor hoe vrolik is hulle!

De kinders het onder die bome gaan speel en verwonder hul vanwaar al die liewe diertjies gekom het, wat daar tussen die takke rondvlieg.

„Hoor tog hoe lief kir die tortelduif,” sê Hessie.

„Ag, die kanaries sing vir my mooier,” merk Lettie op.

„Wat? Luister na die vinkies, dan kan julle iets pragtigs hoor!” roep Hannie vrolik uit, toe sy staan en kyk, hoe die vinkies hul nessies bou.

„Julle meisies wil net musiek hê, ek merk weer op hoe pragtig die voëltjies aangetrek is. Kyk na fiskaal hoe mooi swartbont is hy,” weet Willie te vertel.

„Dink jy dan fiskaal is 'n mooi voël? Ek nie. Is die swart vinkies met hul rooi en geel koppies dan vir julle nie deftiger nie?” vra Ouboet.

Klasie het nog al die tyd stilgebly, sy oë bly maar op die mak swaweltjies, wat daar so laag op die gras vlieg, om motjies en sprinkaantjies te vang. Hy praat toe en sê: „Vir my is die soet swaweltjies die liefste.”

„Dis waar, die mak swaweltjies is soet, maar

hulle kan nie mooi sing nie, ook is hul vere nje danig mooi nie," sê Hessie, wat net na mooi sing luister.

„Ek hou nie van daardie ou vaal klei-nessies van swaweltjies nie," sê Hannie wat vinknessies so pragtig vind.

Eendag kom daardie twee swaweltjies hul nessie voor die deur onder die veranda bou. Toe klap Klasie sy hande en sê: „Hierdie soet swaweltjies is myne!"

Die ander kinders was hiermee tevrede en het altyd van Klasie se nessie en swaweltjies gepraat.

Eendag loop iemand bo-op die veranda om 'n lekplek reg te maak, en met die getimmer, het die nessie afgeval. Toe het Klasie baie gehuil, want die eiertjies het gebreek.

Die swaweltjies gaan toe onder dieselfde veranda in die hoek 'n nes maak, daar was dit veilig.

Aldag staan die seun en kyk hoe sy voëltjies klei bring en bou.

Toe die nessie nou klaar was, bring die voëltjies wol en veertjies aan en toe was Klasie net bly.

Een môre sien hy dat die nes se tuit op die stoep lê, hy sien sy soet voëltjies ver rondvlieg, en as hul nader kom, dan dryf die blou swaweltjies hul weg. Dit het die seun se hart baie seer gemaak en hy wou die blou swaweltjies somar vermoor, as hy kon.

Sy soet voëltjies het toe onder die latei van die stal gaan nes maak en daar het hulle 'n broëisel uitgebroei, waaroor Klasie net bly was.

Maar net toe die jong voëltjies kon vlieg, kom daar kaffertjies wat die nessie afsteek en verniel.

Baie het die seun daaroor gehuil, maar was bly, dat sy voëltjies so mooi kon vlieg. Hy het hulle baie goed geken.

G. R. VON WIELLICH.

18. ETENSTYD.

Dit was 'n lekker warm dag
Op oom de Beer se plaas;
So stil! tot selfs die eende toe,
Maak glad nie meer geraas;

Hul slaap daar in die skaduwee
Met snawels weggestop;
Die bont ou haan, die koning daar,
Stap deftig af en op.

En moederhen met kuikentjies
Die krap maar orals rond;
Sy leer haar kindertjies al soek
Vir wurmpies in die grond.

En klets! daar hoor hul 'n geraas
 En vlieg hul almal aan!
 Hul weet mos dis die etensklok
 As daardie hekkie slaan!

Want hier bring Bettie nou hul kos
 En hoor, die stille plek
 Is eenklaps éne rep en roer
 Van kloek en kwaak en kwek!

Kyk net hoe waggel d'eende aan
 Met wilde kwaak, kwaak, kwaak!
 Hul vlerke oop, met groot lawaai,
 Asof hul oorlog maak!

Op lang, maer pote kom meneer
 Die bont haan aangevlie,
 Hy stoei na voor, en pik, en pik!
 Of ander kry of nie!

Van orals storm nou hoenders aan,
 Dis net 'n groot gedoe!
 Daar kry 'n hen 'n wortel beet,
 En dra dit een kant toe!


Maar moenie glo, die rooibont haan
 Het haar al klaar gesien:
 „'n Mooie grap!” dink hy, „het sy
 Die wortel ooit verdien?”


Sy hoor hom kom en hardloop weg
 Die wortel saamgedra;
 Maar moederhen sien ook, en roep
 Haar kuikens agterna.

„Ag foei!” sê Bettie „dis nie reg
 Dat sy jul so tempteer!”
 Sy gooi 'n hele handvol kos
 Net by die kuikens neer!

„Kwaak! kwaak!” kom nou die eende aan
 En loop die kos ook by;
 Maar glo my, hen het dopgehou
 Dat hul g'n krummel kry!

VERTAAL.





19. WILLIE EN DIE HEUNINGVOËL.

Op 'n seker dag stap Willie se pa veld toe om te gaan jag en Willie dwing om saam te gaan.

„Nee,” sê sy pa, „ek gaan ver in die veld loop, bly liewers tuis.”

Pas was sy pa weg of sy ma merk, dat haar man sy mes en vuurhoutjies in sy ander baadjie tuis gelaat het, en sy stuur die goed gou met Willie agterna.

Willie het ekspres stadig agter sy pa aange-loop; eers ver in die veld haal hy sy pa in en toe mag hy saamloop, waaroor hy baie bly was.

Na hulle 'n rukkie geloop het, kom daar 'n vaal voëltjie by hulle in 'n boom sit. Hy roep: „Tjit-tjit! tjit-tjit!” en vlieg na 'n ander boom en maak daar dieselfde geluid.

„Wat vir 'n voëltjie is dit, Pa?” vra Willie.

„Ken jy hom dan nog nie? Dis 'n heuningvoël. Let op, hy lyk net soos 'n kwikstertjie. As

hy van die een boom na die ander vlieg, dan vlieg hy met duike. By die boom vlieg hy op na die top, sodat iemand hom altyd kan sien."

„Waarom maak hy dan so, Pa? Is hy dan bang vir 'n mens?" vra Willie.

„Nee my kind, hy is 'n mak voëltjie en kom vir die mense wys waar byneste is."



„Hoe wys hy die nes, Pa? Gaan hy vlak voor die bynes sit?" vra Willie andermaal.

„Wag, kom maar, dan kan jy self sien," was sy Pa se antwoord, net toe die voëltjie weer opvlieg.

„Tjit! tjit! tjit!" piep hy, toe hy deur die lug

vlieg. En toe hy op die ander boom gaan sit, piep hy harder: „Tjit-tjit! tjit-tjit!”

Willie se pa gee 'n paar harde fluite.

„Waarom fluit Pa dan? Sal hy dan nie na ons toe kom nie?” wou Willie weet.

„Ek fluit dat hy kan hoor, dat ons hom volg. Hoor hoe bly piep hy daar in die boom!”



Hy vlieg weer op en gaan op 'n ander boom sit. Eers het hy 'n paar maal gepiep, maar toe Willie en sy pa naby was, begin hy: „Kloek! kloek!” te maak en bly stil.

Willie kyk rond, maar sien die heuningvoeltjie nie meer nie. „Wat, is hy dan weg, Pa?” vra Willie ewe verléë.

„Nee, die bynes is hier, nou moet ons soek,” sê die vader en dit het nouliks vyf minute geduur of hul vind die bynes in 'n miershoop.

Hulle haal toe die heuning uit en laat die jongbykoeke daar vir die heuningvoël om te eet.

„Dit is nou sy betaling om hy vir ons die nes kom wys het,” merk Willie se pa op, toe hulle weg-stap.

„O, nou verstaan ek sy plan, hy kom die nes wys, omdat hy dit self nie kan uithaal nie. Wys hy dan net vir mense byneste?” wou Willie weet.

„Nee, ook vir ratels, wat ook van heuning leef. Hy ken 'n ratel goed. Maar baie maal bring hy 'n mens op 'n groot slang of kwaai gedierte. Daarom moet ons net versigtig wees.”

G. R. VON WIELLICH.

20. DIE WAENS WAT BLY STAAN.

I.

Hettie en Andries het baie saamgespeel. Rusie het hul selde gemaak. Dis maar 'n enkele keer, dat een vir die ander kwaad word. Gewoonlik kry hul dan albei skaam en maak gou weer vrede. Dis ook so lelik as kinders nie eers soet kan speel nie.

Fanie, hulle nefie, het ook altyd by hulle kom speel. Voor hulle huis is 'n tuin vol pragtige bome. Daar staan twee groot peerbome, wat lekker koelte maak. In hierdie koelte op die sagte groen grassies speel die kinders altyd. Vandag wil Hettie met haar popgoed speel.

Fanie en Andries hou nie daarvan nie, hul wil transport ry.

Hettie pak haar speelgoed uit en begin dit regsit op die gras. Sy sien sy sal eers 'n huisie moet bou: die poppe kan tog nie somarso woon nie.

Sal Andries en Fanie haar nie gou help nie?

Die twee seuns dink glad nie so nie. Hulle is in 'n groot moeilikheid. Twee waens het hulle, maar osse is daar nie eers genoeg vir een span nie.

Wat nou? Fanie maak 'n plan.

„Ons moet appel-ossies inspan. Dit is nie so mooi soos klei-osse nie, maar hulle is baie sterker,” sê Fanie.

Net gou het hulle 'n hele klompie bitterappel-tjies bymekaar.

Nou het die inspan gou gegaan.

Andries het vier mooi klei-osse: net genoeg vir twee voor- en twee agterosse. Tussenin trek die appel-ossies.

Fanie se span lyk presies net soos die van Andries. Hulle het elkeen veertien osse voor.

Albei waens is alreeds hoog vol gelaai met lemoene. Dit is somar klippies, maar Andries en Fanie noem dit lemoene.

By Hettie kry hulle twee groot lappe; dit is vir bokseile. Ewe netjies trek die seuntjies dit oor hulle waens. Nou is alles gereed.

„Laat vat, Voorman! Potberg! Hop! hop!” en daar gaan die transportryers.

„Siep! Siep!” fluit die sweep van Andries deur die lug. Hy kan tog alte lekker drywe. Fanie se wa kom vinnig agterna.

„Ons osse is goed op stryk,” gesels hy met Andries, „ek dink hulle sal ons waens deur die diep sandsloot bring.”

Daar is hulle nou by die sloot.

21. DIE WAENS WAT BLY STAAN.

II.

Andries se wa gaan die eerste in. Hy voel bang, dat die osse nie die wa ander kant uit sal bring nie. Daarom praat hy met die osse, noem hulle name en klap met die sweep. Maar dit is verniet. In die middel van die sloot gaan die wa staan. Die osse verroer nie eers die wa nie, hoe Andries ook

al praat en klap met die sweep. Daar breek die agterosse die juk.

„Andries,” roep Fanie, „kom ons vra oom Karel om ons te help.”

Nou loop hulle na Hettie. Sy is oom Karel se vrou.

„Dag Tante,” groet die twee seuns vir Hettie.

„Dag neefs,” groet Hettie terug.

„Tante, waar is oom Karel? Ons waens bly staan hier by die sloot.”

„Dis tog jammer,” sê tante, „om is dorp toe. Hy sal netnou kom. Maar neefs, kom drink tog eers 'n koppie koffie!”

Dit doen Hettie alte graag. Daar sal nie mense kom nie of Hettie skink vir hulle koffie in haar nuwe teeservies.

So lank as Fanie en Andries koffie drink, loop Hettie haastig na die huis. Ma help haar Petrus se baadjie aantrek en sy hoed opsit. Nou is sy oom Karel.

„Môre neefs,” groet sy opnuut die seuns, „tante vertel my, dat julle waens bly staan.”

„Ja Oom,” sê Andries, „kan Oom ons asseblief 'n paar sterk osse leen?”

„Nee, dit kan ek nie. My osse loop op Hartbeesfontein. Hier is mos nie gras nie.”

Nou lyk Andries en Fanie baie verdrietig.

„Kom, ek sal met julle saamgaan na die sloot. Miskien kan julle nie goed drywe nie,” sê oom.

„Ek kan baie goed drywe. Oom sal sien,” sê Andries.

Hulle kom by die sloot, en oom vat die sweep, maar die wa verroer nie!

„Sien Oom nou?” roep Andries uit.

„Oom,” sê Fanie meteens, „sal ons nie my span osse ook voor die wa span nie? Dan bring die osse dit altemit deur die sloot.”

Oom vind die plan baie goed.


Fanie se span word nou voor aangehak en ja waarlik, daar bring die osse die wa,

Op dieselfde manier word Fanie se wa deur-gebring.

„So, ek is bly dat julle deur die sloot is,” sê oom Karel, „ek gaan nou huis toe. Dag neefs en goeie reis.”

„Dag Oom en baie dankie!”

M. KRUGER.



22. KOKKEWIET EN SY VROU.

Dit is winter. Al die gesaaides is al ge-oes en in die skure weggepak. Kos is bitter skaars om te kry. Daarom is dit ook dat die meeste voëltjies maar vroegtydig weggevlieg het na ander lande toe. Daar is dit mos somer, wanneer dit by ons winter is. Maar meneer Kokkewiet en sy vrou het besluit, om maar in Suidafrika te oorwinter.

Toe Tiena een môre in die spens kom, sit Kokkewiet op 'n takkie van die druiweprieel net vlak voor die spensvenster. Hy knip sy ogie, draai sy koppie na haar kant toe en kyk haar deur die ruit met sy helder ogies aan, asof hy wil sê: „Het jy tog nie asseblief 'n stukkie kos vir my nie?”

Tiena kon taamlik goed die taal van diere verstaan—seker omdat sy so lief was vir hulle. Sy begryp toe ook somar, wat die voëltjie wil hê. Sy loop na die kas toe, neem 'n stukkie brood en gaan krummel dit op die vensterbank.

Kokkewiet het 'n bietjie geskrik, toe Tiena die venster oopskuif. Hy vlieg 'n endjie weg, maar pas was die raam toe, of hy rek sy nekkie en loer met sy skerp ogies na die vensterbank toe.

„Wat sien ek daar? Daardie wit goedjies was mos nie netnou hier nie?” dink hy.

Wip, wip, spring hy op 'n ander takkie. Wip, wip, weer op 'n ander een, nog 'n bietjie nader. Hy loer weer—ja waarlik, dit is broodkrummels en hy het tog so'n honger

Maar moenie glo hy gaan dadelik eet nie. Hy lig sy koppie op. Sy keeltjie swel uit en met sy ou skerp bekkie begin hy roep: „Kowiet! Kokkewiet! Kowiet!” Sy vroutjie hoor hom somar en gee antwoord. Maar sy bly maar daarbo in die denneboom sit. Sy is mos gewoond, hy roep maar net om uit te vind waar sy is, en dan vlieg hy na haar toe. Maar dié slag wou hy hê, sy moet na hom toe kom. Daarom roep hy weer so hard as hy maar kan: „Kowiet! Kokkewiet! Kowiet!”

Sy kon toe somar aan sy stem hoor, wat hy wil hê en nie'te lank nie, of sy sit by hom op die takkie. Hy draai sy koppie na haar toe. Hy fluister iets in voëlthjestaal in haar oor, en een, twee, drie, is hulle by die krummels op die vensterbank.

En het hulle nie geëet nie! Pik! pik! pik!

en hap! hap! hap! gaan dit maar en elke nou en dan lig hulle die koppies en kyk rond met hulle ou wakker ogies om te sien of hulle nie die vriendelike dogtertjie kan sien om vir haar „dankie” te sê nie.

Toe hulle klaar geëet het, gaan hulle in die toppie van die denneboom sit en roep: „Kokiet! Kokkewiet! Kowiet!”

Tiena het baie gelukkig gevoel.

Of dit dieselfde Kokkewiet en sy vrou is, weet ek nie, maar laas was dit al die derde winter, dat Tiena 'n paar voëltjies vry kos gee op die vensterbank van haar ma se spens.

MARIA J. VORSTER.

23. HERFS.

'n Jong uiltjie sit die hele dag bo in 'n solderhoek en slaap, en slaap, en slaap!

Teen skemeraand word hy wakker. Hy rek sy groot ronde oë, spreid sy vlerke, en seil die lug in.

Ver weg vlieg hy, en kom op 'n krans te lande.

„Soe! maar dit word mos al koel,” dink Uiltjie en kyk om hom rond.

Ver oor die veld lyk dit net soos 'n fyn wit sluier wat aankruip, en bo is die lug so sag-rooi.

Die rooi skemerlig val op die mielielande, en hy sien die mieliblare word ook rooi, en die gras orals rond hang swaar oor van saad.

„A!” sê Uiltjie, „daardie mis in die verte, daardie rooi mieliblare! Ek ken hulle, ek weet wat dit is! Dit wys, die somer is verby. Die koringland is geel; daardie swart dingetjie, wat van hier af soos 'n mier lyk, is die boer wat sy miede pak. A! nou gaan die muise weer piekniek hou! Nou swerm die voëls op die landerye om saad op te pik! A! nou is my kans! Voëls wil ek vang! Kleintjies, wat nog nie goed kan vlieg nie! Nou's my kans!”

Met eens hoor hy: „Soem! soem!” in die lug bokant sy kop! Dis 'n by wat, vol blomstof belaaï, aangevlieg kom na sy heuningpaleis in die krans.

„Hoe! hoe! goeienaand, neef By,” sê die skelm Uiltjie, „kom gesels 'n bietjie.”

„Soem! soem!” brom die By, „nee oom Uil, ek is haastig; sien jy nie die son sink al, en ek het nog baie om te doen.”

„Hoe! hoe! Wat doen jy dan?” vra Uiltjie.

„Soem! soem! my liewe tyd, oom Uil,” brom die By. „O ja, jy slaap mos ook oordag, daarom weet jy ook niks. Sien jy die boer daar in die veld? Hy maak sy skure vol koring.”

„Dit weet ek,” sê Uiltjie.

„Nou, hoe vra jy dan wat doen ek! Kyk hier onder jou pote, sien jy die lang swart ry miere? Hulle dra kos aan en maak hulle spense vol vir die winter. En ek, heeldag vlieg ek heen en weer, met my sakkies propvol blomstof, om my kamers in my paleis vol heuning te maak, om die klein bytjies te voer.

Dis herfs nou, die gras strooi al saad rond, die bome skud hul ryp vrugte saggies af, die blomme hou hul kelkies omhoog, vol goue meel! A! oom Uil, daar is nie tyd vir speel nie, die veld se winkels is oop, en ons moet koop en ons skure volpak! Kyk hoe kruip die mis aan, netnou is die winter op ons! Soem! soem!” en weg vlieg Bytjie.

„Sirr,” hoor Uiltjie weer bokant hom, en n groot swerm swaweltjies swink en swier met hulle puntige vlerke oor die krans. Net toe hulle vir Uiltjie gewaar, skree een van hulle: „Nee, nie hier nie! verder aan! verder aan!”

En op, trek die hele swerm, en weg, weg, tot hulle soos 'n rokie in die lug verdwyn.

„A!” sê Uiltjie weer, „dis die swawels, wat hulle kleintjies leer vlieg, om een van die dae weer noord te trek. Jammer tog dat hulle my gesien het! Ek is te stadig, dit word al laat en ek het nog niks

gevang nie! Sōe! dit word koel hierho! Ai! waar sal ek kos kry vanāand? Ek moet verder hier sien hulle my te gou!"


En weer sprei Uiltjie sy grys vlerke, knip sy oë in die skemertooi, en seil die lug in. Hy gaan sit in 'n digte bos naby 'n hoenderkamp. Maar ver- niet, die laaste kuikentjie kruip toe net onder die hen se warm vlerke in.

„Hoe! hoe!" sug Uiltjie. „ek moet nou saans vroeër uit; die somer is verby, die veervolk en al die kleingoed gaan nou vroeg in, die luggie word koel! Ai! en ek is honger, honger!"

Daar val een, twee fyn druppeltjies reën; die wind skud die bos, en plaks! val 'n pap-ryp bessie af op die grond. „Piep! piep!" kom 'n gulsige muisie uit sy gaatjie gekruip. Soos een is Uiltjie op hom, en dit was laaste sien van die muisie.

„Ai" sê Uiltjie tevrede, „dit het lekker gesmaak! Maar ek sal nou moet ander planne maak. Die winter kom aan, een muis in 'n aand is nre ge- noeg nie, ek sal saans vroeër moet uit!"

„Hoe!—hoe! die lug trek toe!"



24. 'N VROEE KUIERTJIE.

Dis nog baie vroeg in die môre.

Al die mense slaap nog. Die son slaap ook nog. Net een man is wakker. Kyk, hy leun by die venster uit. Hy kyk seker van watter kant die wind waai. Dis 'n boer en hy verlang na reën.

Ek vlieg tot digby sy oor.

„Goeienmôre Oom,” sê ek.

Maar kyk, hy hoor my nie. Pats! val die nare venster toe. Weg is die oom.

Opeens voel ek iets op my vlerkies. Ek kyk en o, wat sal ek sien! Die sonstraaltjies kom met my speel. Hulle het net wakker geword en hou dans hul so liggies op my vlerkies.

Maar kyk, hoe besig is hulle!

„Gee tog pad! Ons kom nie klaar nie!” roep hulle. Al die blömmetjies moet hulle wakker maak.

Heel liggies gly hulle oor elke blommetjie.
 Dan, o hoe wondermooi!
 Elke blommetjie vou sy blaartjies ewe stadig

oop.

Kan iets mooier wees? Ek begin somar te sing:

Soeme, soeme, soem, soem, soem;

Goeienmôre! Goeienmôre!

Soeme, soeme, soem, soem, soem;

Is daar iets wat ek kan doen?

Toe word die blommetjies eers regtig wakker.

„Wie sing so mooi?” vra die wit roos.

Die lelie roep: „Wie is jy?”

Daarop kyk al die blommetjies vir die sonstraaltjies.

„Wie is dit?” vra hulle. Maar die sonstraaltjies lag net.

Daar wink die lelie my. Ek gaan sit binne in haar spierwit huisie. O, watter lekker kos gee sy vir my. Alles kan ek nie opkry nie. 'n Hele klomp neem ek toe maar saam huis toe.

Buitekant wag die sonstraaltjies nog steeds. Hulle wil met my speel. Maar nou is ek te besig. Ek het nie tyd nie.

„Speel met die vlinders,” sê ek, „hulle het nie iets anders te doen nie.”

Maar kinders, het ek al vir julle my naam gesê?

O, dit het ek totaal vergeet.

- Nou ja, ek is ook so vreeslik besig.

Na A. Trelker uit „Jong Leven.”

Uitgawe van C. A. J. van Dishoeck, Bussum.



2. VROLIK EN OLIK.

Kyk nou vir Kaffertjie, my kat;
Hoe skelm loop hy orals rond!
Hy weet daar's niemand naby, wat
Hom sien so snuffel op die grond.

Nou spring hy, woeps! en pen-orent
Gaan sit hy op die vensterbank!
Hy swaai sy steit, hy 's mos gewend
Om hier te sit, vir ure lank!

Hy kyk na buite, waar die wind
 Die bome heen en weer laat buig;
 Hy hoor die voëltjies, eensgesind
 En vrolik in die takke juig.

„Wag!” dink die wrede klein ou ding,
 „As net my vlerke groei, pas op!
 Ek vlieg daar, voëltjies, waar jul sing,
 En eet jul een vir ene op!”

En, die ou kat, hy dink hy voel .
 Sy vlerke al, en wil net vlie;
 Maar stilletjies vang hondjie Boel
 Sy stert se punt, en—een, twee, drie—

Wip hy daaraf, en op die grond,
 En stoot die groot rooi blompot af;
 Dit kraak! en flenters saai daar rond,
 En katjie miaau en hondjie blaf!

„A! wie? A! wie kry nou die straf?”
 So sing die voëltjies in die tak,
 Want ag, mens hoor net tjank en blaf
 En elkeen kry 'n flukse pak!

26. DIE KALF IN DIE VELD.

Een aand kom Jafta tuis en sê, dat die swartbont koei 'n kalfie het. Die koei en haar kalf het daardie nag in die veld gebly, want die kalf was swak. Dolf wou somar in die oggend veld toe draf om die moeder en kind kraal toe te keer.

Maar sy pa verbied hom en sê ewe kwaai:

„Nee, jy kan nie alleen loop nie. Jafta moet met jou meegaan om jou te help.”

Dolf en Jafta stap toe saam weg; van ver sien hul die koei alleen wei. Want die ma het haar seun in die hoë gras weggesteek en nêrens was hy te sien nie. Met baie soek kry hul hom plat in die gras lê en hy maak of hy vasslaap. 'n Mens sou sê, dat hy morsdood is, hy knyp sy oë toe en haal stadig asem. Ou Jafta gee hom 'n skop, maar hy roer geen oor of poot nie. Sy ma staan en kyk.

Jafta lig hom met die hande op, toe skrik die kalf en gee 'n harde brul. Ei, toe storm die koei en was net boos, dat hul aan haar kalf durf vat.

Reguit na Dolf toe hol sy en wou hom met die horings byloop. Maar Jafta roep. Hy gooi haar met sy kiere op haar horing, sy skud haar kop en bly staan.

Woeps! spring die kalf op en gaan naas sy ma staan, en kruip onder haar in.

„Kom, kom, kraal toe!” roep Jaftha en dryf hul voort na die werf toe.

„Soe! dit was ’n mooi swartbont kalf! Hy lyk komplete nes sy ma—swart en wit.

Val-val tuimel hy oor die lang gras en slinger as hy stap of draf. By rukke staan sy ma vir hom en wag, dan lek sy hom en hy kyk net na sy ma.

As hy effens gerus het, stap hul weer voort en sukkel deur die hoë gras. In die kraal het hy rondgekyk, want so iets het hy mos nog nie gesien nie.


By haar seun het die koei bly staan en wou nie weer veld toe gaan nie.

27. DIE KALF OP DIE WERF.

Word sy ma na die veld geja, dan wil sy daar nie bly nie, maar hol terug.

By die kraal staan sy en bulk, bulk, bulk tot honger en dors haar daar verdryf. So het sy vir twee dae aangehou bulk, maar toe sy sien haar seun is veilig, bly sy weg.

Die swartbont kalf kry die naam van Hartkol en sy broer trek al in die wa. As Hartkol klaar met drink het, dan bokspring hy en hol soos ’n mal ding rond. So het die ander beeste, wat swaar



werk, vir hom gesê om tog nie so te baljaar nie. Dog hy bly plesierig en steur hom aan hul gelol nie. Hy bokspring en skop agterop. Soms val hy plat, dan weer staan hy reg en stamp die ander kalwers met sy kop.

Hy word toe net 'n baas om te baklei, maar eendag kry hy pak en vlug in die draad vas. Hy spartel om los te kom, sy vel skeur en met stamp het sy neus aan bloei geraak.

Sy baas het hom daar kom verlos. Maar hoor is min! Gou was hy weer in gevaar. Oordag, as die beeste in die veld is, dan wei die kalwers op die werf.

Eendag het die aia by die dam gewas en sy hang die wasgoed oor die draad. Raai wat maak die swartbont kalf toe? Hy gaan jou waarlik 'n kous stukkend kou.

Dit was nie al nie, hy kruip deur die draad en

gaan die tuin verniel. Toe word sy baas kwaad en wou hom daar en dan aan die slagter verkoop. Maar hy was 'n mooi kalf, so kry die baas jammer.

Ei, toe het sy ma geskrik, en die kalf word bang; maar sy streke laat! Nee!

Aan die groot beeste moet hy gedurig stoot; een word kwaad, gee hom 'n pomp en af is sy blad. Toe het sy baas hom keel-af gesny.

En vandag is Hartkol daar nie meer nie.

G. R. VON WIELLICH.

28. VINGERS UIT DIE MOND.

Ken jy vir Jan, die flukse groot seun? —

Ken jy ook 'n klein snoepertjie met 'n spits koppie en 'n lang stertjie?


Hierdie twee lyk op mekaar. Nog nie heeltemal nie, maar lank sal dit nie meer duur nie.

Jan kan al byna net so goed knaag en knabbel as die grys snoepertjie.

Knaag hy dan aan kaas of wors?

Nee, dit kan hy nog nie. Daar hap hy net groot stukke van af.

Maar sy vingernaels! O, dit moet jy sien! Daar knaag hy aan.



Aan sy vingers sit amper geen naeltjies meer nie.

Kon jy dit ooit dink van so'n flukse kêreltjie? Jan is 'n naelbyter, 'n morsige naelbyter.

'n Muisie is darem slimmer as hy. So'n knaertjie sal hy seker nie word nie.

Is 'n muisie nou so dom? Sal hy ooit sy eie toontjies opeet?

Nee, dit doen alleen 'n dom naelbyter.


Dit maak ma tog, so verdrietig.

„Jan, laat tog jou naels groei. Ek sal dit vir jou afknip met die skêr,” sê ma. Maar Jan het altyd deur die vingers in die mond.

Sy tande moet gedurig knaag aan sy vinger-naels.

Die skêr het nooit werk gekry nie.

Dit het gemaak, dat niemand van Jan hou nie: Sy pa en ma, sy onderwyseres en al sy maats gril van hom. Selfs die skêr kyk hom met sulke kwaai oë aan.



Een nag het Jan naar gedroom. Hy sien 'n hele boel muisies oor sy bed kruip. Hulle soek sy vingers om aan te knaag.

Opeens hang 'n yslike skêr bokant hom.

„Waarom het jy nie naels vir my nie?” En o, hoë vreeslik! Die skêr knip in sy neus.

„Eina!” Jan is wakker.

Ag, hoe benoud is hy! Na sy vingers' durf hy nie kyk nie.

'n Week later kon ma aan elke vinger 'n klein randjie sien.

En nog 'n week later kon die skêr wêrk kry.

Na A. Trelker uit „Jong Leven.”

Uitgawe van C. A. J. van Dishoeck, Bussum.

29. 'N BEKOMMERDE MOEDERTJIE.

„Pappie,” sê mevrou Mossie een môre vir haar ou mannetjie, „het jy al opgelet hoe die vrugtebloeisels begin te swel? Jy weet as dit eers sover is, dan lyk die bome netnou soos bruide, wat met hulle mooi klere in die sonskyn staan en spog. Dit word nou haas tyd, dat ons begin uit te sien na 'n geskikte plek vir ons huisie.”

„Ja, noudat jy so praat, vroultjie,” sê meneer Mossie, „kan ek sê, dat ek al vir ons 'n alte mooi plek uitgesoek het. Dit lyk vir my ons huisie sal so veilig wees bo in die top van daardie ou groot sipresboom.”

„Nee man, wat praat jy nou? Die stout seuns van die mense klim so maklik daarin, as wat jy kan verlang. Hulle sal ons daar nooit met rus laat nie.”

„Nou, wat dink jy dan van die doringboom daar by dié draad? Ons het een jaar ons kindertjies so voorspoedig daar grootgemaak.”

„Ja, dis waar, maar ek het dit gedurig op my senuwees gehad om te dink, wat van die stomme bloedjies moet word tussen die skerp dorings, as hulle vir die eerste keer die huis verlaat.”

„Nou ja, in die klimop dan, wat die systoep van die huis toegerank het.”

„Ag, my liewe mannetjie, en die katte dan? Vernaam daardie ou swarte met die grou oë. Hy sal ons daar net so seker kom pla.”

„Kyk vrou, jy moet darem nie so vol fiemies wees nie. Dit lyk vir my daar is glad geen plek goed genoeg na jou sin nie.”

„Kom saam met my, ou man, dan sal ek jou 'n mooi plek gaan wys, wat ek nou die dag raak gesien het.”

Dit het meneer Mossie maar min aangestaan. Hy was so slim in sy eie opienie, dat hy nie kon verdra, dat iemand iets moes doen, wat hy nie self aangeraai het nie. Maar hy het darem saamgegaan.

Mevrou Mossie neem hom na 'n buitekamer, wat agter die huis van oom Gert Nel staan.

„Kyk hier, man,” sê sy, „die sink pas nie mooi op die muur nie. Hier tussen die stene en die dak

is 'n alte mooi plek om te bou. Ek glo nie iemand sal maklik hier bykom nie. Wat dink jy?"

Om die waarheid te sê het meneer Mossie self die plek mooi gevind, maar hy wou dit nie erken nie.

„Nee vrou, jy dink verniet jy is so slim. As dit reën sal die water hier instrroom.”

„Moenie glo nie,” stry mevrou Mossie, „sink is nie 'n ding, wat water laat deurkom nie. In elk geval my plan is om hier te kom bou.”

En sy vlieg ook somar af tot onder op die grond. Sy ken mos vir oom Mossie van toeka se dae af. As hy eers 'n ding in sy kop kry, dan help dit nie om baie met hom te praat nie. Hy weet altyd beter. Die enigste raad is dan om maar 'n begin te maak.

Daar sien sy 'n stukkie droë kweekgras uitsteek en tel dit op om vir haar ou mannetjie te wys.


Maar tot haar verdriet moes die ander end van die grassie juis in die grond vassit. Sy ruk en pluk, sy spring op en neer. Sy is naderhand vuurwarm en uitasem, maar wat hou is die grassie.

En daar sit meneer nog boonop vir haar en lag.

Tant Mossie was so kwaad, sy het regtig gevoel dat sy warm word, maar sy wou dit nie laat merk nie.

Meteens laat sy die grassie los, vlieg bo-op die buitekamer se dak en tjilp ewe vrolik.

TANNIE.



30. 'N GELUKKIGE WONINKIE.

Toe haar mannetjie dit sien, het hy vir haar jammer gekry. Hy het langs haar gaan sit en mooi praat.

„Kom maar, Mammie,” sê hy, „ek sal nie meer vir jou pla nie. Ek sal jou help.”


En van toe af kon jy net die tweetjies grassies en stokkies, worteltjies en veertjies sien indra van die môre tot die aand.

„Tant Miena,” sê Alie eendag, „dit lyk vir my of die mossies besig is om nes te maak, daar onder die buitekamer se dak. Maar dit sal mos nooit gaan nie.”

„Hoekom nie?” vra Henna.

„Dit sal te warm wees,” sê Alie. „Die plekkie is te nou daar, en dit word oordag baie warm so onder die sink.”

„Nou kom ons gaan maak dan vir hulle ’n beter plek,” sê Chrissie en Natie.



Die kinders het ’n klompie droë takke afgepluk en binne in die kamer teen die muur gaan vasmaak. Maar dink jy dat die mossies daarvan notiesie wou neem? Nee, hulle het nou eenmaal hulle eie plek uitgesoek en wou na niks anders kyk nie.

Die nessie was gou klaar. Nie half so groot soos anders nie. Die plek was te klein daarvoor. Net 'n ronde bakkie, uitgevoer met sagte veertjies, en toe vier bont gespikkelde eiertjies daarin.

Maar het die arme tant Mossie tog nie swaar gekry nie. Oordag was dit soos 'n bakoond daar so vlak onder die sink. Hoe sy die eiertjies moes uitgebroei kry, kon sy tog nie begryp nie.

En kla sou ook niks help nie. Sy het nou eenmaal die plekkie self uitgesoek en moes maar die beste daarvan maak.

Gelukkig was die uitkoms naby. Henna en Alie was 'n bietjie teleurgesteld, dat die voëltjies nie in hulle takkies wou nes maak nie. Maar hulle het darem vir die mossies jammer gekry.

„Watter plan sal ons tog maak?” vra hulle vir tant Miëna.


„Die beste sal wees om vir hulle koelte te maak,” sê sy. „Neem 'n stuk goingsak, vou dit 'n paar keer dubbeld en sit die dan bo-op die sink vas met 'n paar bakstene.”

„O ja, dis tog 'n goeie plan,” sê die kinders.

Oom Gert se seun Kasper moes vir hulle die leer kom regsit. Toe het Henna opgeklim.

Sy het nog eers die sak nat gemaak ook.

Arme tant Mossie sit net daar en versmag van



die hitte. Sy het die kinders gehoor, maar sy was werklik te lam om uit te vlieg. Sy sit maar doodstil en hou haar koppie so plat as sy kan.

Daarbuite vlieg haar mannetjie heen en weer en raas so al wat hy kan. Hy is so onrustig as kan kom. Wat sou die kinders daar maak? Hulle wil natuurlik kwaad doen.

Maar nee. Hulle klim af en neem die leer weg. Dadelik vlieg hy daarheen en vra ewe bekommerd: „Liefie, is jy nog daar?”

„Ja my skat,” sê sy, „en ek kan nie begryp, hoe dit kom nie, maar raai dit het meteens heerlijk koel geword.”

„Ek sal gaan kyk of die son agter die wolke is,” sê meneertjie, en hy glip weer daaruit.

Maar toe hy buite kom, het hy die weer vergeet en op 'n boom gaan sit, wat daar naby staan. Kort daarna tjilp-tjilp hy so met lus, dat tant Mossie ewe gelukkig na hom sit en luister.

Haar hartjie is so vol liefde vir hom en vir die lieue klein goedjies, wat nog in die eiers is, en sy sit so lekker en broei, noudat die vreeslike hitte haar nie meer pla nie, dat sy alte gelukkig voel.

Hoe hard sy en haar mannetjie moes werk om vir die hongerige kleintjies genoeg kos aan te dra, en hoe bly hulle was, toe die kleintjies eindelik self kon rondvlieg, en hulle eie kos kon gaan soek,—dis nou heeltemal 'n ander storie.

TANNIE.

31. DIE SIRKUS.

Fanie met die klokkie roep,
Tingeling! van stoep tot stoep:
„Sirkus! Sirkus! Mense kom!!!
Konsertiena! fluit! en drom!

Leeus en tiers; en slange ook!
Ape wat sigare rook!
Vieruur, vieruur! op die kop!”
Tingelinge, tok-e-tok.....

Die tent van sak is al gespan,
En elkeen doen nou wat hy kan;
Die een bring stoel, en blik, en kas.
Die ander slaan nog pale vas!

Die kat het al 'n boordjie om,
 Die hond sit deftig by die drom;
 En Peet, die kloun, met pluishoed op,
 Staan nou al kort-kort op sy kop!

„Dè, hier's jou vel, Koot, jy's mos tier,
 Toe, trek aan, man, dis tien voor vier!
 Kyk so moet jy nou skelm sluip,
 Asof jy wil 'n bok bekruip!

En ek is leeu, so moet ek brul:
 Mô-ô-ô! harder as oom Niek se bul!”
 „A nee a, Dirk, onthou jy nie?
 Jy 's tier! jy moet ou Peet bevlie!”

„Nee, ek is leeu, Koot, luister nou!
 En jy moet tier wees, man, maak gou!”
 „Maar, Dirk, ek sê jou, jy vergeet,
 Ek was leeu, man, vra vir Peet!”

„Nee, ek is leeu!” „Jy jok, jy's tier!”
 „Jy jok, Dirk, jy wil net kom pier!”
 En voor nog een die pret gëwaar,
 Spring leeu en tier al aan mekaar!

HILDA POSTMA.

32. DIE SES WIT KASTEELTJIES.

Op die groot dam se wal het baie riete en tulpe gegroei. In die bossies naby, het ma-muis met haar twee klein muisies gewoon.

Die twee kleintjies was baie nuuskierig, en wou altyd ver weg rondloop. Ma-muis word dan baie kwaad, want sy was bang, hulle sal in die slagyster gevang word.

„My kinders,” sê sy altyd, „wees nou soet, en bly by die huis. Moenie alleen ver weg loop nie!”

Maar hulle loer uit die bossies, en trippel-trappel agtermekaar weg.

„Piep-piep!” skree een van die klein muisies een môre. „Ma, kom kyk hier,” roep sy in muistaal. „Kyk daardie groot ding op twee lang pote, en kyk hoe klap die twee groot veervlerke! O, ek is tog so bang.”

„Sjuut,” sê ma-muis, „moenie raas nie, dis ’n hen; sien julle haar skerp bek? Pas op, sy sal julle pik! Bly weg van haar, hoor!”

Vir ’n week of twee was die muisies te bang, hulle wou nie uitloop nie.

Een môre sê hulle: „Ag, ou hen is seker al weg! Ma is nie hier nie, kom ons gaan soek saadjies tussen die riete.”

En ewe vol moed, trippel ons twee maatjies uit

die bossie. Hulle loop, en loop daar tussen die riete, en snuffel rond. Daar, in 'n holte tussen die riete, lê ses wit ronde goedjies.

„Piep! piep! kyk hier!” roep die ene meteëns.

„Haai, wat is dit? wat is dit?” roep hulle en kruip bang-bang nader.

„Dis nie miershopies nie!” sê die ene.

„Ook nie byneste nie, ook nie paddastoeltjies nie!” sê die ander. „Wat kan dit wees? Dit lyk net soos wit glaaskasteeltjies! Seker konings wat daarin woon! O, kyk hoe pragtig glad! O, kyk hoe wit en rond!”

„Kom ons gaan klop daaraan!” sê die een muisie.

Net toe hulle nader gaan, hoor hulle die grasisies kraak. „Piep! piep!” skree hulle altwee, en wip soos 'n sweepslag onder deur die riete weg. Dit was die hen wat „kloek! kloek!” met oop vlerke aangeja kom! Het hulle nie geskrik nie!

Uitasem kom hulle in die bossie terug. „O, hoe bang is ek nou!” sê die een. „Ag, waar bly ma tog so lank!” Hulle wag, en wag, maar verniet! Ma-muis kom nie weer terug nie. Sy was mooi self in die slagyster gevang, toe sy pampoenpitte in die waenhuus wou steel.

Daar sit die twee muisies nou alleen; dag na dag wag hulle, te bang om uit te gaan.

Naderhand een môre sê een muisie: „Ek is nou so moeg vir die bossie, dalk is die hen weer weg, kom ons loop maar 'n bietjie uit.”

Voetjie vir voetjie loop hulle tweetjies agtermekaar die bossie uit. Tussen die riete soek hulle weer saadjies. „Piep! piep!” skree die een, „kyk gou hier!”

En wat sien hulle daar! Drie van die wit kasteeltjies was oopgebreek, die klein wit koepeldakkies lê omgekeer op die grond, en drie snaakse geel goedjies stap daar rond. Hulle lyk net soos sagte wolballetjies, elkeen op twee geel beentjies, elkeen het twee ronde ogies, en 'n skerp geel bekkie, waarmee hulle op die grond pik!

„Kloek! kloek!” hoor die muisies, en hier kom die ou hen met groot wilde oë na hulle aangevlieg.

„Piep! piep!” skree die muisies en wip! weg is hulle!

Ag, is die hen tog nie kwaai nie! Maar haar kleintjies is tog te fraai!


„Sal ons met hulle kan gaan speel?” vra die een muisie.

„O nee, nee!” sê die ander een. „Ek is tog te bang vir die hen!”

Naderhand het die hen se kuikens groot en sterk geword, sodat hulle saam met die ander hoenders in die hoenderkamp kon gaan bly.

Toe kon die twee muisies weer vry in die riete gaan saadjies soek, en rondsuffel. En gou-gou het hulle twee groot muisse geword.

HILDA POSTMA.



33. OU MOOS.

Ou Moos was as kind slaaf gewees. Hy was 'n Masbiekerjong, pikswart. Na die slawe vry geword het, het hy by sy oubaas bly woon.

Saans as daar boeke gevat word, dan kom Moos ook op sy bankie sit en luister wat sy oubaas lees.

Sy vrou was regtig vroom en baie fluks, maar Moos was net voor die oë goed.


Soms, as dit donker is, gaan hy vrugte steel.

Een aand gaan sy baas vir Moos in die boord afloer. Moos klim in die boom, dog laat sy mandjie op die grond bly.

Hy pluk vrugte en gooi dit af. Dit was baie donker en die wind waai.

Sy oubaas het onder die boom kom staan en tel die vrugte op en gooi dit in Moos se mandjie.

Toe die mandjie amper vol was, roep die oubaas: „Toe Moos, die mandjie is vol, klim nou maar af!”



Ou Moos skrik so, dat hy uit die boom val, maar hy hol nie weg nie.

„Dè outa, hier is jou vrugte,” sê die oubaas en gee dit vir hom.

Die Masbieker wou die mandjie nie vat nie, maar sê: „Oubaas, Moos is skaam.”

„Nee, nee, Moos, jy het so swaar aan die vrugte gepluk, neem dit, dis joue!”

„Baie skaam, my oubaas, ek kan die goed nie vat nie,” sê Moos.


„Toe, toe, neem dit! Dis joue,” sê die oubaas.

Die outa het dit skaam-skaam geneem, en verwag toe, dat sy baas hom die volgende dag sal straf.

Maar nie een woord word die volgende dag oor vrugte gepraat nie.

Moos vertel self: „As oubaas my geslaan het, sal ek nie so seer gekry het, as toe hy stilbly nie.”

G. R. VON WIELLIGH.



34. 'N KUSSINGGEVEG.

Dis nog donker. Net 'n dowwe liggie skyn by die venster in. Jan kan skaars die voetenent van sy bed sien. Tog lê hy al 'n rukkie wakker.

Hy kyk na 'n smal klein strepie op die muur. Dis 'n snaakse strepie. Dit groei. Let net op.

Dit groei bietjie vir bietjie. En bietjie vir bietjie word dit in die kamer ligter.

Kyk, nou kan Jan vir Japie op die ander bed sien lê.

Hoe lekker lê hy en slaap!

Jan loop saggies tot by Japie en kielie hom onder sy groot toon.

Skielik ruk Japie sy voet in, maar bly aan die slaap.

„Hêi, hêi, jou slaapmus! Is jy so lui?” sê Jan.

Toe gryp hy 'n kussing en skiet Japie daarmee net op sy neus.

Daarvan word Japie wakker. Hy kyk verward. Hoor nou hoe lag Jan. Hy gooi 'n tweede kussing na Japie.


Maar Japie kan ook gooi. In 'n oomblik staan altwee seuns reg-op op hulle beddens. Die kussings vlieg.

Dis 'n groot oorlog.

Nou val Jan, dan weer is dit Japie, maar nie een kry seer nie.

Hulle vind dit alte mooi.

Japie het nie meer kussings nie. Hy gryp sy komberse en later sy lakens. Jan kry 'n vrag kussings en komberse op hom.



Hy kan nie opkom nie, so lag hy.
Nou spring Japie op hom. Toe rol hulle rond
op die bed.

O, wat 'n heerlike vegparty.
 Opeens gaan die deur oop.
 „Wat is hier aan die gang?” vra pa.
 Maar waar is die seuns!
 Pa haal die twee onder die bomberse uit.
 Wie weet, wat daar toe gebeur het?

Na A. Trelker uit „Jong Leven.”

Uitgawe van C. A. J. van Dishoeck, Bussum.

35. VLERMUISE.

Daarbo in die berg is 'n smal kloof, aan een kant van die kloof is 'n krans. In die krans is 'n diep spelonk, eers kom jy in 'n smal gang van rots.

Stap maar in, dan sal jy self aan die linkerkant 'n groot kamer van klip vind. Die deur van die kamer is smal en laag, buk maar en kruip in. Hier woon die vlermuise.

Waar vlermuise so lank gewoon het, daar is baie mis, wat goed vir die tuin is. Oom Piet praat al, dat hy die mis met sy volk wil gaan uitdra. Klein Piet praat van saamgaan.

Sy pa vra: „Sal jy dan nie bang word nie? Die gat is dan so donker en diep.”

Klein Piet dink so'n bietjie en vra: „Kan vlermuise byt, Pa?”

„Nee, hulle byt nie, maar hulle vlieg om jou en klap jou met hul vlerke.”

Toe sê klein Piet: „Dan is ek nie bang nie.”
 „Goed, my kind, dan kan jy maar saamgaan.”

Hulle maak toe klaar en stap weg. Die volk gaan mee, een dra grawe en leë sakke om die mis in te gooi. By die spelonk stap oom Piet in, en klein Piet stap kort agter sy pa.

„Pa, sal die goeters my regtig nie byt nie?” vra klein Piet, toe hy in die donker kom.”

„Nee, my seun, kom maar; nou gaan ek kers opsteek, dan is dit hier lig.”


Oom Piet steek twee kerse op, en gee een vir klein Piet en toe stap hulle verder.

Toe hulle in die kamer kom, waar die vlermuise woon, kom daar 'n gedruis. Klein Piet se hare rys onder sy hoed, want nou lyk dit vir hom of hy in 'n grafkelder is, waar dit spook.

Toe die lig op die bondel vlermuise val, hang hulle soos 'n baie groot swerm bye.

En die vlermuise maak 'n gesuis, hulle skree toe soos muisies en begin rondvlieg. Daarop vlug hulle die smal lae deur uit, fladder met hul koue vlerke in klein Piet se gesig, om sy ore, oor sy hande.

Dood is die kerse en klein Piet gaan sit. Hy skree en huil tot al die goed weg was; toe steek hulle weer kers op, en alles was vrede.



36. VAN 'N OOP DEUR.


Kyk, daar staan 'n deur oop.
 Dit sien 'n man wat verbygaan.
 Hy hou baie van oop deure.
 Daarom bly hy staan en kyk na binne.
 „Kom binne!” nooi die deur, „ek hinder nie-
 mand nie. Dürf jy nie?”
 Die man gaan in. Hy kyk na die vloer, Daar
 lê 'n groot, dik gangmat.
 Dit kyk hom skerp aan.
 „Vee af jou voete,” brom die mat.

O, hoe vuil is die man se skoene. En kyk net hoe stukkend!

Kyk, die man trek gou sy skoene uit. Hy kry seker skaam.

Op sy kaal voete loop hy die gang in.

Agter in die gang staan twee blink skoene. Hulle is so goed as splinternuut.



Hoor hulle praat: „Wie trek ons aan? Wie loop met ons?”

Dit verstaan die man. Vinnig gly sy kaal voete in die nuwe skoene.

Nou bly die mat stil, want die skoene is skoon.

Die deur sê: „Gaan maar uit. Ek hinder niemand nie.”

Die skoene kraak, toe hy op die stoep loop. Dit beteken: „Daar gaan ons.”

'n Rukkie later kom tant Miemie tuis.

Met haar praat die deur en die mat nie. Vir haar ken hulle.

Maar o, die stukkende vuil skoene! Die staar tant Miemie aan. Sy skrik. Hoe kom die hier?

Toe word sy baie kwaad. Sy skop die skoene uit en slaan die deur toe.

„Bom,” sê die deur, „nou mag niemand binnekom nie.”

Dit is seker daarom, dat die nuwe skoene nie teruggekom het nie.

Na A. Trelker uit „Jong Leven.”

Uitgawe van C. A. J. van Dishoeck, Bussum.



37. VERKEERDE BRIEWE.

Smôrens stuur my mammie my
Om by die jong die pos te kry,
Die briewe dra 'k in hierdie hand,
In hierdie ene, die koerant.

Dis jammer, hy 's vanmôre laat,
Ek wou so graag nog met hom praat;
Ek wil net bietjie vra, hoekom
Het ons briewe 'n swart rand om.

Want hulle laat my mammie huil.
Ek wil hul liewers by hom ruil
In plaas van swartes, asseblief,
Nog 'n koerant, of 'n wit brief!

HILDA POSTMA

38. 'N GULSIGE MENEERTJIE.

Praat van gulsigheid! So wat het julle nog nooit gesien nie. Ek bedoel die groen rispes in oom Gert se lusernland.

Daar was baie van hulle, en die een wou meer eet as die ander. Maar Rollo was darem die gulsigste van almal.

Die sagte groen lusernblaartjies was vir hom tog alte lekker. Hy kon hom eenvoudig nie daaraan versadig eet nie.

„Jy moet versigtig wees,” waarsku die ander rispes. „Hier is baie gevare. Bly onder die blare. Ons het netnou nog hier 'n hoender sien rondskarrel. As daardie hen jou gesien het, dan was dit klaar met jou, net soos jy sê knipmes!”

Maar Rollo luister amper nie eers, wat hulle praat nie. Hy eet net.

As die son oordag warm is, dan sak Rollo laer af om in die koelte van die blare te skuil. Maar snags sit hy somars so oop en bloot op die toppies. Hy weet sy ergste vyande slaap dan.

„Njumme, njum,” eet Rollo. Die groenigheid is so lekker. Hy kan voel, dat hy so by die dag uitswel, dat hy altyd groter en groener word.

Onvermoeid gaan sy koppie heen en weer en sy kakebeentjies roer maar gedurig.

Rollo eet net so al wat hy kan.

Maar intussen begin dit vir hom so stil word. As hy 'n oomblikkie kry om rond te kyk, dan lyk dit baie, of sy maters minder geword het.

Ja, daar is geen twyfel aan nie. Elke dag verdwyn daar meer en meer van die rispes. Wat sou van hulle word?

Daar kom hy eendag by 'n lekker sagte top-pie. Maar wat het hier gebeur? Drie of vier van die blaartjies is aan mekaar gespin. Wat kan dit wees?

Hy snuffel daar rond, maar dit ruik nie vir hom lekker nie. Daar is iets fout. Hy draai sy kop weg en gaan eet op 'n ander plek.

Maar hy vind altyd meer en meer van die toegespinde blaartjies. Hy kan dit nie verstaan nie, maar hy eet, eet maar aaneen.

Hy voel darem dat die kos nie meer so lekker smaak soos vroeër nie. Hy voel self ook nie alte lekker nie. Hy word lui en lomerig en begin self te spin.

Rollo hang nou in 'n digte huisie, binne-in 'n kombersie toegêrol, wat van die sagste sydraadjies gespin is.

Hy raak vas aan die slaap en weet niks meer nie, totdat hy eendag deur die sonstraaltjies wakker gemaak word.

Hy kyk rond. Wat het met hom gebeur, terwyl hy so vasgeslaap het?

Hy is heeltetal verander. In plaas van groen is hy geel.

En o wonder, bo wonder! Hy het 'n paar pragtige vlerkies gekry, geel met kolle en strepies daarop.

En sy maters lyk ook net so. Hulle fladder rond in die sonskyn. Hulle het nooit geweet, die wêreld is so 'n lieflike, lekker plek nie. Die stuk lusern is blou van die blomme.

Dit is 'n skoenlapper-paradys.

Rollo het maar net nodig om sy slurpie diep in die blomkelkies te druk en soet sappies te slurp na hartelus.

Maar hy is nou nie meer 'n gulsige meneertjie nie. Hy leef nou net van nektar. Vra vir meester wat dit is.

TANNIE.

39. BEN KRY 'N BRIEF.

Sandfontein,

18 Desember, 1929.

Liewe Ben,

Vader en moeder het gesê, dat ek jou mag vra, om die vakansie by ons op die plaas te kom deurbring. Ons kom die 22ste van die maand in dorp

toe. Pa en ma en my twee sussies sal met die kar ingaan en ek sal te perd ry. Laat my gou weet, wat jou pa en ma daarvan sê. As hulle verlof gee, dat jy kan uitkom, sal pa somar 'n perd vir jou instuur, as ons inkom. Dan ry ons twee saam uit plaas toe.

Pa gaan in die vakansie koring trap. Jy weet seker nog nie, hoe lekker dit is om in die hooimiedens wegkruipertjie te speel nie, nè? Kom dus seker. Ek weet, jy sal dit geniet.

Met beste groete,

jou vriend,

Piet.

Dit is die brief, wat Ben vandag met die pos gekry het. Hy was tog te bly. „Wat kan ek vir Piet skryf, Ma?” vra hy.

„Ek weet nie, kind,” sê sy ma, „gaan vra eers vir jou pa. As hy ja sê, sal ek jou goed regmaak en inpak.”

Ben se pa kom net in en Ben vou sy brief oop en sê: „Pa, lees 'n bietjie hier. Lees gou-gou, my Pappie en sê of ek mag gaan.”

Ben se pa was prokureur op 'n dorp, maar hy het ook op 'n boerplaas groot geword. Toe hy nou die briefie lees, was dit of hy die perde op die vloer al in die rondte kon sien hardloop. Dit was of hy die voorslag van die groot sweep, wat die man, wat

in die middel staan so oor die perde waai, kon hoor klap. Dit was of hy weer die lekker soet hooi kon ruik. Hy sê toe somar: „Seker Ben, as ma gewillig is, kan jy maar aan Piet skryf, dat jy sal kom. Ek is regtig bly, dat jy die kans het om in trapyd plaas toe te gaan.”

Ben gaan skryf toe somar dadelik:

Bloemfontein,
19 Desember, 1929.

Beste Piet,

Baie dankie vir jou mooi briefie. My ouers sê, dit is goed, ek mag meegaan.

Man, jy moet darem vir my 'n mak perd bring, hoor! Jy weet ek is maar 'n dorpseun en ry selde perd. Ek sal dit weer baie geniet. Ek voel al, hoe heerlik ons hulle oor die bulte laat galop. Pa vertel my hoe heerlik die trapyd op 'n plaas is. Nou is ek eers haastig om te gaan.

Tot siens, ou maatjie! Beste groete van pa en ma aan jou ouers.

Jou vriend,
Ben.

MARIA J. VORSTER.

40. OP SANDFONTEIN.

Vroeg-vroeg het Ben en Piet opgestaan en saam met oom Koot vloer toe gegaan. om te gaan „aanlê” vir die trappery, soos oom Koot dit noem. Hulle het net fluks gehelp. Die gerye moes losgesny en op die vloer oopgegooi word. Toe dit alles klaar was en hulle eers gou huis toe gegaan het vir agtuur, word die trop veldperde op die vloer geja.

Eers was hulle 'n bietjie wild. Die een wil die kant toe en die een weer ander kant toe. Oom Koot staan in die middel van die vloer en klap so oor hulle. Ou Bles, die wêrfperd, vat toe dié voortou en begin die vloer in die rondte afdraf al teen dié draad op en dié ander draf toe agterna.

„Oom Koot,” vra Ben, „mag ek 'n bietjie met die groot sweep kom swaai?”

„Jy kan kom, kêreltjie,” sê oom Koot, „maar ek twyfel of jy hom sal kan baas raak.”

Ben koes-koes veilig tussen die voor- en agterpunt van die perde deur en staan by oom Koot in die middel van die vloer. Maar dit het nie lank geduur nie of hy gee weer die sweep vir oom Koot terug.

„Nee Oom,” sê hy, „ek dink my arms is te kort, anders weet ek nie, waarom die sweepstok nie wil regop blv nie.”

Toe al die koringkorreltjies uit die are uitge-
trap was, word die perde afgeja. Toe begin oom
Koot en die kaffers met gaffels en skoppe die strooi
af te werk. Dit was vir Ben te mooi. Alles wou
hy ook probeer doen. Hy wil selfs met die swaar
skopgraaf die goed in die lug opgooi. Dit is vir hom
alte mooi om te sien, hoe die wind die kaf so een
kant toe wegwaai en hoe die koring somarso reg-af
weer op die vloer val.

Wat hy die pragtigste gevind het, is toe oom
Koot met die jaagbesem begin. Dit was 'n lang plat
besem. Daarmee vee oom so los-lossies heen en
weer oor die koring en ja al die doppies tussen die
korreltjies uit.

„Kyk hoe hardloop die doppies!” skree Ben
uit. „Ja hulle Oom! Ja hulle!” roep hy opgewonde.

„Maar hoor, oom het 'n lekker speletjie met
die jaagbesem!” dink hy.

Eindelik is die koring skoon en die sakke word
vol gemaak, toegewerk en aangery skuur toe.

Ben en Piët help nie altyd werk nie. Meeste
van die tyd speel hulle maar.

Eers maak Ben oë toe en Piët kruip weg.
„Koe...k!” roep hy en Ben begin te soek. Maar
Piët het so diep onder die strooi ingevroetel, dat Ben
bo-oor hom stap sonder om hom te kry. Oom wil

vir Ben help om Piet te kry. Hy roep die hond en sê: „Wagter soek die kleinbaas!”

Wagter ruik eers 'n bietjie rond en een, twee, drie, kry hy die plek. Hy blaf: „Woef! Woef! Woef!” en waai sy stert, as teken dat hy Piet gekry het. Toe was dit weer Ben se beurt om weg te kruip. Maar Piet het hom net gou uitgesnuffel, want hy het verstaan om in strooi te soek, en Ben was ook 'n bietjie bang om so diep in te kruip.

Toe dit tyd word vir die skole om te heropen, moes Ben terug dorp toe. Hy was net spyt, want hy het die vakansie op die plaas baie geniet.

— MARIA J. VORSTER.

41. DIE OU PERSKEBOOM.

Die ou perskeboom staan daar met kaal takke soos lang arms in die lug. Hy kreun en steun soos die wind hom heen en weer ruk en pluk. Dit gaan net of hy sug!

Kan julle verstaan wat die ou perskeboom sê?
Ek sal julle vertel.

Hy sê: „Ag, ek wens tog die koue winter is oor! Kyk hoe kaal en dor is my takke! Maar diep onder in die grond boor my wortels net soos lang

vingers. Hulle soek kos en water. Die kos en water word sap in my wortels, en daarmee word my takkies gevoer.

As die lente kom, word hulle weer groen. Ag, as die winter tog net verby is, ag, ag," sug en kreun die ou boom in die wind.

Maar nou het die son elke dag warmer en warmer geskyn. Eendag sit mooi al die takkies van die boom vol klein bruin knoppies:

Nou lyk hy net soos 'n dogtertjie, wat haar haartjies in krulletjies opgedraai het vir 'n konsert!

Maar die perskeboom hou sy krulletjies lank in! 'n Week, en nog 'n week!

Een mooi môre, toe die son so lekker warm uitkyk, het een krulletjie losgegaan, en nie te lank nie volg al die ander!

O, daar staan die perskeboom fraai uitgedos in rooi bloeisels! Nou spog hy nie min nie!

Orals aan die takkies sit die pragtige rooi blommetjies! „Twieriet, twieriet" sing die voëltjies. „Kyk hoe mooi is die perskeboom getooi!"

Die wind was weg in die veld. Oor 'n paar dae kom hy terug en waai, en waai, vir daelank! Toe hy sien hoe mooi die perskeboom met sy bloeisels lyk, word hy somar kwaad en waai nog harder. O, liewe tyd! daar waar die mooi rooi blaartjies al-

mal weg en dans al verder in die wind! Nou het daar net klein harde knoppies agtergebly.

Maar hulle word al groter en groter! Net soos klein groen balletjies begin hulle nou lyk.

Die son word net warm, en steek op hulle af. „A nee,” dink die goeie ou perskeboom, „die son word nou te warm vir my kinders.” En na 'n paar dae, gaan daar honderde klein groen blaartjies net soos sambreeltjies oor hulle oop.

Nou is hulle lekker beskerm! Die blare hou hulle koel. Maar tussendeur loer die sonstraaltjies nog, en brand hulle wangetjies rooi.

Eendag kom daar kinders in die tuin. Die een roep vir die ander: „Kom kyk hier, die perskes word al ryp!”

Die arme ou perskeboom dink: „A, nou kom pluk hulle seker al my kinders af.”


Maar nog 'n week gaan verby, en toe kom 'n outa met 'n mandjie, en pluk al die perskes af, wat sag is en mooi rooi wangetjies het.

HILDA POSTMA.

42. DIE VELDBRAND.

Dirkie en Pietman was saam met hulle pa in die veld. Toe kyk hulle pa hoe die wind waai, haal vuurhoutjies uit sy sak, maak 'n bondel gras by-

mekaar en steek dit aan die brand langs die groot-pad. Gou-gou was daar groot vlamme en hulle gaan woers! woers! Die wind waai hulle weg van die pad af, sodat Dirkie en Pietman glad nie in gevaar was nie. 'n End van die pad af in die veld, waar die gras kort was, vlieg twee kiewietjies op. Hulle



skree so hard en maal bo in die lug om en om. Dan vlieg die een weer neer en dit lyk of hy in die vlamme sal kom.

„Kyk Dirk,” sê Pietman, „hoekom vlieg die kietwietjie so al in die vuur?”

„Nee, ek weet nie,” antwoord Dirkie.

Maar hulle pa sê: „Daar is seker klein kuitkientjies, wat in gevaar is.”

„Ag Pa, kan ons hulle nie maar gaan haal nie?”

„Nee, die vuur sal julle vang. Bly julle maar daar weg, hoor. Kiewietjies is baie oulik en moontlik maak hulle 'n plan.”

Die vuur het ver getrek, want die gras was droog. Dit was Septembermaand en dit het nog nie gereent nie. Toe die twee seuntjies weer 'n tydjie daarna langs die pad loop, was alles swart en kaal: net die honderde miershope staan vaal oor die bulte. Hier en daar by 'n mierkatdorp het hulle die mierkatte sien orent staan om die swart wêreld te beskou. Toe hulle by die plek kom, waar die kiewietjies so gevlieg het, gaan hulle soek. Naby was 'n droë pannetjie. Daar het die vuur nie gekom nie, want dit was net hardgetrapte modder, waar die beeste altyd gestaan het, toe daar nog water in was.

Toe die boeties daar kom, skrik hulle somarso groot, want daar vlieg 'n kiewiet op, amper in hulle gesig. Toe hulle weer omkyk, hoor hulle iets skree: „Piep! piep!” en daar hardloop mooi twee kiewiet-kuikentjies rond en struikel teen die droë modderklonte. Dit was nie lank nie of Dirkie en Pietman vang die fraai ou bruingestreepte kuikentjies. Maar was die ou voël nie kwaai nie! Sy vlieg so woeps! op hulle af, en sy skree, en klap haar vlerke teen hulle.

Maar hulle hou die kuikentjies vas en loop deur

die gras wat plek-plek nog rook gee. Hulle vel-skoentjies was pikswart, en hulle bene ook, toe hulle weer by die pad kom. Anderkant die pad sit hulle die klein kiewietjies neer in die kort gras, waar die vuur nie gekom het nie. Dirkie kyk op na die ou voël.

„Dè, ou voël,” sê hy, „jy dink seker ons gaan jou kinders doodmaak. Maar ons wou hulle maar net hier bring uit die warm gras, wat hulle pootjies brand. Nou kan hulle weer goggatjies vang.”

Toe loop hulle weg, en toe hulle eers ver was, gaan die ou voël weer na haar kindertjies, waar hulle wegkruip tussen die gras, en doodstil lê, net soos hulle ma hul geleer het.

M.

43. MY BIOSKOOP.

Vir ure, ure, sit ek so,
En kyk daar na die wolke bo;
Ek maak maar net my venster oop,
En daar's die mooiste bioskoop!

Eers kom 'n fraaie sneeuwit stad
Wit kerke, huise, opgepak;
En toringspitse, slank en hoog,
Met tinne na die hemelboog!

Dan sien ek weer 'n landskap strek
 Met berge, alles sneeubedek,
 En tussenin, 'n blou, blou meer,
 En op die rand 'n groot ysbeer!

Met kop na vore staan hy, groot!
 En lig sy linkeragterpoot!
 Dan stadig aan verander dit
 Tot alles weer verdwyn in wit!

Dan wys die son vir laas sy kop,
 En sit sy rooi, rooi slaapmus op,
 En toor die hele hemel rooi.
 Ek weet nie hoe, maar dis te mooi!

En saans kan ek my oë nie glo!
 Lyk net soos een trop skapies bo,
 Spierwit en donsig, en die maan,
 Getroue wagter, agteraan!

O ure, ure, sit ek so
 en kyk daar na die wolke bo;
 En maak maar net my venster oop
 En sien die mooiste bioskoop!

HILDA POSTMA.



44. MOOI KLERE EN MOTTE.

Toe tant Miena een môre om die hoek van die huis kom, kry sy vir Alie daar onder die suurlemoenboom, met 'n gesiggie amper net so suur soos die boom se vrugte self.

„Wat is dit, my kind?” vra tante ewe besorg, maar sy het gou gesien, sy sal maar min met Alie uitvoer, want die antwoord kom met 'n bedrukte stemmetjie: „Ek makeer niks nie, Tante.”

Toe het tante somar geweet, daar is 'n fout.

„Foeitog, my kindjie, sê maar vir Tante, wat die moeilikheid is,” hou tant Miena aan.

En met die grootste moeite, en baie geduld, het sy naderhand die woorde uit Alie se mond getrek.

„Ek is kwaad, oor ek nie sulke mooi klere het soos Natie nie. Henna en ek het vanmôre ons nuwe tabberdjies vir haar gewys, wat ma vir ons gemaak het, toe ons hiernatoe gekom het. En weet Tante hoeveel nuwe rökkies het Natie gekry? Nie minder as vyf nie!”

Tante het net moeite gehad om nie te lag nie. Was dit nou iets om oor kwaad te wees?

Maar sy het gou weer ernstig geword. Sy ken mos vir Alie. Sy weet dat die liewe ou dogtertjie een groot fout het. Ek wil dit amper nie sê nie, maar sy het by party mense die bynaam gehad van „afgunstige Alie.”

„Jy moenie so daaroor dink nie,” troos tante. „Jy weet Natie is haar mammiëse enigste kind. En julle ma kan dit nie bekostig om vir jou en Henna so baie klere te koop nie. Haar siekte het vereers baie geld gekos. En dan moet jou ma ook nog so baie betaal vir die ander kinders, wat op die koskool is. In plaas dat jy dankbaar is, dat jou ma weer gesond geword het na haar swaar siekbed, maak jy nou vir jouself die lewe suur deur afgunstig te wees op 'n ander kind.”

„Nee Tant Miena, ek is nie afgunstig nie,” stry Alie. „Maar dis juis waar ek van praat. Ek wens, dat ek ook 'n enigste kind was. Dan kon ek ook alles kry, wat my hart begeer.”

„Dink jy dan dat Natie dit so danig lekker het?”

„Oe! Tante moet net haar baie klere sien. En een rok is mooier as die ander. Weet Tant Miena, wat sy vir ons vertel het? Sy sê haar klere wil nie opraak nie, deurdát sy te veel het. Sy het naderhand so moeg geword vir party van haar rokke, dat sy al motte gevang en tussen die klere gaan sit het, dat hulle die klere kan opeet.”

„Dit is darem te erg,” sê tante ewe ernstig, maar sy moet net moeite doen om nie hard te lag nie.

„Is dit vir jou lekker om heeldag met ’n paar stywe stewels aan jou voete te loop?” vra sy ewe ongeërg vir Alie?

„Nee Tante, ek trek graag my skoene uit, as dit so warm is.”

„Is jy lief om in dié rivier te gaan swem, en op perde of bokke te ry, en in hoë bome te klim?”

„O ja, Tant Miena, dis my grootste plesier.” En Alie kyk haar tante ewe verwonderd aan; sy kan nie begryp, waar al die vrae heen lei nie.

„Nou ja,” sê tante, „dit is nou maar ’n paar van die dinge, wat arme Natie moet opgee, juis omdat sy haar ma se enigste kind is. Haar moeder is altyd so in die grootste onrus, dat haar enigste ou kindjie iets sal oorkom, dat sy haar oppas of sy ’n waspoppie is. Natie kry maar swaar. Sy word so

kort gehou. Dit mag sy nie doen nie; en dat nie eet nie, en daarheen nie gaan nie. Hoe dink jy, sal dit vir jou lekker wees?"

„Nee Tante,” sê Alie, en haar gesiggie word somar weer vriendelik, en haar oë so helder soos die liewe blou lug na 'n reën.

„Nou sal ek nie meer afgunstig wees nie,”— en Alie hardloop ewe vrolik na die ander kinders om te gaan speel.

TANNIE.

45. 'N JOSEF MET 'N BONT ROKKIE.

Oom Gert en tant Miena het een aand, so teen sononder, op die stoep gesit en gesels. Toe kom pak die kinders rondom hulle, soos 'n klompie kuintjies.

„Omie, vertel tog vir ons 'n storie,” soebat die kinders.

Oom Gert was moeg, hy het die hele dag geploeg. Hy sit nou ook so lekker en rook, dat hy nie die pyp uit sy mond wil haal nie.

„Nee,” sê hy, „vra tant Miena.”

En so het tante maar weer aan die woord gekom.

„Ek het gister met een van die kinders oor kleremotte gepraat,” sê sy, en sy gee stilletjies vir Alië 'n knypie aan haar oor, „hoe sal dit wees, as ek vir julle iets van motte vertel?”

„Ja, toe maar Tante,” van die dogtertjies. En Kasper kom ook nader om te luister.

„Om mee te begin,” sê tant Miena, „is dit nie kleremotte, wat ons klere eet nie. Dit gaan met hulle soos met sywurms. As die mot eers uitgebroei is, dan eet hy nie meer nie. Die motte se werk is om eiers te lê, en dit doen hulle natuurlik soveel moontlik, waar volop kos is vir die kleintjies,—in ons klere selfs. En ook net in wol, want hulle hou niks van katoen of ander soort materiaal nie.

Ons betaal somtyds hoë pryse vir kouse of ander klerasie, wat so kunstig bewerk is, dat dit vir ons na skone wol lyk.

Maar die onaansienlike wurmpie van die klere-mot laat hom nie so maklik bedrieg nie.

Alleen wol, en niks minder as wol nie, vind genade in sy oë.

En hy is 'n versigtige mannetjie. Hy het dit glo deur dure ondervinding geleer om vir homself te sorg. Deurdat hy al van geslag tot geslag vervolg is deur die mens, het hy allerhande slim plannetjies uitgevind om homself te beskerm, en homself so onsigbaar te maak vir die menslike oog, as wat hy kan.

.Sodra die wurmpies uit die eier kom, begin hy te eet, en elke tien dae of so, word sy vël vir hom te klein. Dan kruip hy daaruit, bedek met 'n splinternuwe.

Hy is wit-vaal van kleur en sou dus duidelik sigbaar wees op donker materiaal, hoewel hy maar so groot is as die kleinste speldjie, wat daar te kry is.

Maar meneertjie hou nie daarvan om so in die oog lopend te wees nie, en maak dus vir homself 'n jassie van die wol, waar hy van leef.

Daarvoor het hy geen knippatrone uit modeboeke nodig nie, want dit word vervaardig om net om sy lyfie te pas,—net 'n lang pypie, wat hy agter hom aan sleep!

En as ons ou matie dan van die een kledingstuk na die ander toe gaan, word hy 'n Josef met 'n veelkleurige rokkie!

Sy rooibruin koppie is al wat voor by die bont jassie uitsteek. Maar dit verhinder hom nie om 'n kostelike lewe te voer in die land van oorvloed nie.

As die klein vraat dan eendag genoeg geëet het na sy sin, en sodoende minstens honderdmaal sy eie gewig aan wol verslind het, dan begin hy aan sy einde te dink en sy eie doodskleed te spin.

Dit bestaan uit 'n eivormige kokon, net soos die van 'n sywurm, natuurlik net baie kleiner.

Daarin lê hy dan meestal gedurende die wintermaande, en verander op sy gemak in 'n papie. Na 'n dag of tien kom die volwasse mot daaruit te voorskyn.

As dit nie was, dat klere so dikwels buite in die son gehang en dan uitgeskud en afgeborsel word nie, dan sou die kleremot baie meer kans kry, om met sy vernielingswerk voort te gaan, as ~~wat dit nou~~ die geval is."

„Dankie Tante, dit was baie mooi," kom dit van die kleinspan.

TANNIE.

46. WOLLETJIE-WOEPS.

Wolletjie-woeps was 'n liewe, wollerige klein hasie, en Wietsie Wipstert was sy mammie. Onder 'n groot pol gras, net langs 'n bitterbossie, was hulle lêplek in die veld.

In die môre vroeg gaan Wietsie Wipstert uit om kqs te soek, dan sê sy altyd vir Wolletjie-woeps: „Kyk hier, jou klein snuiter, jy moet nou doodstil lê en nie die minste geluid maak nie, hoor! Wat jy ook mag sien of wat jy ook mag hoor, moenie vir jou roer nie. Jy weet daar is baie soorte van gevare in

die wêreld, en jy is nog maar 'n klein ou hasie-
kapasie. Maar as jy nou stillê solank as ek weg is,
dan is jy veilig."

En Wolletjie-woeps het altyd vir sy ma ge-
luister.



Eendag het sy ma weer uitgegaan. Wolletjie-
woeps sit maar doodstil in sy lêplekkie en loer deur
die fyn grassies met sy blink ogies. Maar al sit hy
so stil, hy kan darem goed sien, wát rondom hom ge-
beur.

'n Kokkewiet kom sit een môre op 'n wilde

boom, naby sy lêplekkie, en sing hardop: „Digteby, digteby!”

Wolletjie-woeps wonder, wat so digteby kon wees, maar hy sit doodstil, sy oortjies plat op sy rug.

Hy roer nie 'n pootjie en hy knip nie 'n oog nie.

Eendag het 'n hotnotsgotjie langs 'n grasstingel afgeloop, kort voor sy neusie. Die stingel was so glad, dat sy pootjies weggegely het, sodat hy weer van onder af moes begin.

Maar Wolletjie-woeps roer nie 'n pootjie en knip nie 'n oog nie.

Een keer was dit 'n baie warm, stil dag. Daar hoor Wolletjie woeps 'n sagte geluidjie nie so ver van hom af nie. Dit gaan so saggies, net soos die wind, wat deur 'n boom se blare ruis. Hy luister. Maar dit is mos 'n wonderlike geluid, net of dit laag op die grond is, onder die gras. Daar is dit weer: „suis-s-s!”

Hy lig sy oortjies op om beter te kan luister, maar hy roer nie 'n pootjie en hy knip nie 'n oog nie.

Die geluid kom nader: „suis-s-s!” Dit gaan verder. Dit kom weer nader. Regs en links, uit en in, altyd nader. Wolletjie-woeps kon altyd baie fyn hoor as iets aankom, maar dan hoor hy tog altyd die ding se pote. Hoe saggies 'n dier ook mag loop, hy het altyd die pootjies gehoor.

Maar hierdie ding het nie voete nie. Dit gaan kompleteet net so saggies: „suis-s-s!” deur die gras.

Hy vergeet, wāt sy mammiē vir hom gesê het, en spring reg-op. Hy luister; alles is stil. „Ag, wat,” dink ou Wolletjie-woeps, „ek wil weet, wat dit is. Ek is mōs niē meer ’n babetjie, nie. Ek is dan al drie weke-oud.”

Net toe hy so dink, kyk hy meteens in die oë van ’n lelike groot slang, wat sy voorlyf opgelig het van die grond af.

„Mammie, Mammie!” roep arme Wolletjie-woeps, „ag, Mammie, Mam...!” maar hy kon geen geluid meer uitkry nie.


Die lelike ou slang het hom beetgepak en was besig om sy lang lyf rondom die sagte, warm hasie te draai. Hy probeer om weer na sy mammiē te roep, maar die slang druk hom, dat hy nie asem kan kry nie.

Gelukkig het sy mammiē al die eerste keer gehoor, toe hy vir haar roep. En sy spring dadelik weg na hom toe, bo-oor gras en bossies, oor klippe en slote. Sy loop so vinnig soos die wind om by haar kindjie te kom. Sy vergeet, dat sy ’n banjerige, sku ou hasie is. Haar kindjie was in gevaar en sy was die mammiē wat moes help.

En toe sy daar kom en sien, wat die slang besig was om te doen, het sy dadelik oor sy rug ge-

spring. Heen en weer, heen en weer, spring Wietsie Wipstert. En elke keer wat sy spring, dan skop sy woeps! vir die ou slang op sy rug met haar skerp agterpootjies.

„Woeps, woeps!” skop Wietsie Wipstertjie, en sy skop so hard, dat die hale so oor die slang se rug



lê. Hy is so kwaad dat hy blaas, maar hy hou wat hy het.


„Woeps, woeps!” skop Wietsie Wipstert weer.

Die slang kry so seer, dat hy inmekaar krimp en krul. Die vel is oopgeskeur op sy rug langs. S-s-s! maar dit kan hy nie meer hou nie. Hy los vir Wol-

letjie-woeps en probeer om vir Wietsie Wipstert te byt.

Die kleintjie rol 'n slaggie om, maar toe hy op sy pootjies kom, neem hy dadelik die loop.

„Hardloop, hardloop, Wolletjie-woeps,” roep sy mammië agterna, „loop so hard as jy kan!”



En glo vir my, dit het die outjie ook gedoen.

Intussen spring sy mammië nog altyd heen en weer oor die ou slang en skop hom so al wat sy kan. Toe sy sien, dat haar kindjie ver genoeg was, het sy ook weggespring om hom te wys, watter koers hy moet vat.

En as sy so hardloop, dan is haar wit wipstertjie duidelik te sien so ver as sy gaan. Dit is bedoel vir Wolletjie-woeps, om vir hom die weg te wys.

En dié dag het hy goed sy oog daarop gehou.

Ver, ver daarvandaanaf het Wietsie Wipstert weer vir Wolletjie-woeps 'n lêplekkie gaan maak, onder 'n pol gras, waar die lelike ou slang hom nie kan kry nie. En van daardie dag af kon sy maar gerus van die huis af weggaan. Wat Wolletjie-woeps ook al mag hoor, of wat hy ook al mag sien, hy roer nie 'n pootjie en hy knip nie 'n oog nie.

BEWERK DEUR TANNIE.



47. 'N NUWE WERELD:

Een aand in Juniemaand sit Willie en Koos en luister na die reën.

Hulle ma sê: „Koos, dis tyd vir julle om te gaan slaap. Dan kan julle weer lê en luister, hoe die reëndruppels op die dak gesels.”

So sag-sag val die druppels, dat die twee gou aan die slaap raak.

Die volgende môre was dit so donker in hulle

kamer, dat hulle altwee dink dis nog baie vroeg. En dit was mooi al halfagt!

„Koos,” sê Willie, „dis jou beurt om die gordyne oop te maak.”

Koos klim uit sy warm bed, en bibber van die koue. Hy vrywe sy oë, en trek die gordyn weg.

Meteens skree hy: „Oe... Oe! Willie kom kyk hier!”

„Wat is dit?” vra Willie en vlieg soos 'n voël uit die bed na die venster.

„O, dis kapok!” skree hy, so hard. „O, kyk net hoe wit is die grond!”

„Ma! Ma!” roep hulle uit, „kom kyk die kapok!”

Die hele wêreld was spierwit van die kapok! Die grond was net een wit tapyt, aan mekaar!

„Hoera!” skree Willie, „Hoera! ons gaan nie vandag skool toe nie! Dis mos 'n nuwe wêreld vandag! Ons ken nie die huise met die wit dakke nie! Kyk die hekkie voor die deur! Hy het 'n wit boordjie om! Ons ken hom nie! Hoera! 'n nuwe wêreld!”

Hulle hardloop en gaan loer by die ander vensters uit. Alles is verander! Die waenhuys sedak is toe onder die kapok; die ou put in die agterplaas lyk soos 'n bruidskoek!

„Waar is ons bome!” roep Koos. „Hierdie bome se takke het dan moue aan! En die skoorsteen het 'n wit kraag om!”

Willie en Koos klap hulle hande van pret vir die wit wêreld!

Op die bankie buite, op elke klip, is 'n wit kapokkussinkie!

„Pa,” vra Koos opgetoë, „vir wie is die wêreld sò wit gemaak?”

Pa sê: „Dis vir die winterkoning wat vir ons kom kuier. Hy is al so oud, net waar hy gaan, laat hy eers vir hom wit kussings gooi om op te sit!”

„Ha! ha!” lag Willie en Koos.

Daar hoor hulle „Twiet-twiet” van buite, net soos 'n stemmetjie, wat kla.

„Ag foei!” roep Koos uit, „hoe sal die voël-tjies vandag kos kry! Kom ons gaan gooi tog vir hulle krummels.”

En die twee hardloop spens tõe, om die krummelbakkie te gaan haal.

Net toe hulle by die voordeur uitkom, voel Willie iets „plak” teen sy arm. „Eina!” skree hy en spring soos 'n prop in die lug. Iemand het hom met 'n sneeubal gegooi! „Plak!” daar kom nog een! Die keer teen Koos se been. „Soe! eina!” skree Koos, „dis seker Piet.”

Agter 'n tenk van hulle buurman staan Piet vir hulle en loer. Hy het hulle net lekker gevang met sy sneeuballe, en skater nou van die lag!

„Wag 'n bietjie, outjie,” skree Willie, en hy en Koos maak elkeen gou 'n groot sneeubal, en ja agter Piet aan. Maar te laat! Piet was al veilig in sy huis!

„Willie!” roep Koos uit, „kom ons gaan maak 'n sneeuman, soos die een in ons prenteboek!”

„Nou ja toe,” sê Willie, „met 'n pyp in sy mond!” En hulle dans rond van pret! Maar soe! hulle neuse en voete en hande het so blou en styf geword, dat hulle elke keer in die huis moes hardloop om by die stoof te gaan warm word.

„Daar kom Piet,” sê Koos. „Kom ons gooi hom nou.”

„Nee,” sê Willie, „kom ons sit sy hoed op die sneeuman se kop.”

Het hulle nie gelag nie! Piet het ook saamgelag vir die snaakse wit kêrel, wat sy hoed op het!

HILDA POSTMA

48. RIEKA EN DIE DWERGIES.

Rieka was 'n dorpskind, dit was haar eerste kuiertjie na 'n plaas. Oom Koos het haar kom haal met sy hoë kar en flukse bruin perde. Net voor die pad indraai na die huis toe, kom 'n mens deur 'n mooi kloof. Toe hulle hier deurry, sê oom Koos:

„Sien jy daardie gat in die rand? Dis die ingang na 'n groot grot, waar dwergies woon.”

„Maar Oom Koos glo tog nie aan dwergies nie?” vra Rieka verwonderd.

„Nou ja, kind,” antwoord oom Koos, „jy kan net sê wat jy wil, maar toe ek 'n seun was, het ek hulle een skoot self gesien. Dit was op 'n maanlig-aand. Ek moes 'n verlore perd gaan soek, en toe ek die hoek omkom, loop daar net twee dwergies die grot binne. Ek het hul nooit weer gesien nie, hoewel ek baie keer kom kyk het.”

Voor Rieka nog verder kon vra, kom hulle by die huis aan. Daar was so baie nuwe dinge vir haar om te sien, dat sy heeltemal die dwergies vergeet het, tot die aand. Toe sy in die bed lê, dink sy skielik weer aan oom Koos se vertelsel.

„Ek gaan kyk,” dink sy en sonder om langer te wag, spring sy uit haar bed. Sy maak saggies die venster oop en klim uit. Buite skyn die maan helder. Die pad is maklik te kry en gou al is sy by die grot

se ingang. Versigtig loop sy in. Dit is baie donker. Na 'n paar tree word dit ligter, sy loop nog 'n endjie en kom by 'n hoek. En daar—wat sien sy? 'n Groot kamer. In die middel van die kamer staan 'n tafeltjie met 'n ouderwetse lamp daarop, en rondom op klein groen stoeltjies, sit vier dwergies en dobbel. Verder is daar niks in die kamer nie. Aan



die kant verste weg van Rieka is daar 'n opening, daardeur skyn ook lig. Nuuskierig buig Riekā voor om te sien, wat in dié kamer is. Sy merk glad nie, dat daar 'n houtvaatjie op 'n groot klip vlak voor haar staan nie. In haar ywer buig sy te ver oor en stamp die vat om. Hy rol met groot gekletter af, en al die wyn, wat daarin was, stroom oor die vloer.

Rieka skrik vreeslik. Al die dwergies spring op.

„Wat is dit?” „Dis ’n mensekind!”

„Betower haar!” roep hulle.

Rieka draai om en hardloop die grot uit. Met geskree storm die dwergies agter haar aan. Nog nooit het sy so gehardloop nie. Al nader en nader kom die dwergies. Sy hoor hulle kwaai stemme vlak agter haar. Eindelik is sy by haar venster. Die een voet is al oor die raam. Nog een stap verder en sy is veilig in haar kamer, maar net toe sy die ander voet wil optrek, pak die dwergies haar. Sy skop en skop, maar die klein goedjies hou haar styf vas en trek haar stadig aan weer na buite toe.

O, wat sou nou met haar gebeur?

Oom Koos en tant Martha is tog hier in die huis. Sy sal hard skree, dan sal hulle haar hoor, en haar kom red.

Rieka gee ’n vreeslike skree en... skrik wakker!

SYLVA MOERDYK.

49. DIE SKADUWEES.

In die bome woon die skaduwees,
En saans dan kom hul uit,
Hul dring al in, en om die huis.
Hoe vroeg mens ook al sluit!

Hul hou tog 'niks van kerslig nie,
Van lamplig net so min;
Bring net 'n lig in, onder stoel
Op tafel kruip hul in!

Hul kruip nou hier, dan gly hul daar,
Dan swaai hul op en neer.
Nou is hul groot, nou is hul klein,
En dan verdwyn hul weer!

Party van hulle aap mens na,
Hul doen net wat jy doen;
En om te spot dan rek hul uit
Somarso uit fatsoen!

Die huis is propvol skaduwees,
Groot swartes orals rond!
En buitekant by elke hoek
Sien mens hul op die grond!

Ek is niks bang vir skaduwees!
 As ek die hek gaan sluit,
 Loop ek a l l e e n, en met die kers
 Ja ek hul voor my uit!

HILDA POSTMA.

50. SNOETJIE.

I.

„Dis darem maar gevaarlike goed, die mense!”

Dit was 'n katjie, wat so gedink het; 'n fraai, wit katjie met swart oortjies, grys ogies en die liefste klein snoetjie, wat 'n mens jou kan verbeel. Hy het agter, diep in een van Markstraat se winkels gewoon. Sy ma moes daar tussen die leë kaste en ou rommel bly om muise te vang.

In die begin het sy haar kindertjies baie mooi opgepas. As een wou wegloup, was sy gou by. Dan hap sy hom agter sy nek en sleep hom terug na die nes. Toe hulle groter word, het sy nie meer so erg omgee nie.

„Hulle moet nou maar self weet,” het sy gedink, as sy hulle met half-toe oë agterna kyk.

So het een outjie dit op 'n môre reggekry om tot voor in die winkel te dwaal. Hy het bo-op die

punt van 'n kis geklouter om daar met sy voorpootjies te sit en vang na almal wat verbykom. Na 'n rukkie het hy 'n spring gewaag en sy naeltjies diep in iemand se klere geslaan. Hy wou opgeklim het, maar 'n groot hand het hom gegryp, afgetrek en bo in die lug gelos. Hy het so amper nie reggekry om op sy pootjies te lande te kom nie!

Met groot springe vlug hy na sy ma toe, wat plat op die grond lê en saggies miaau, toe sy hom sien. Hy speel 'n rukkie met haar stert en hardloop toe weer 'n ander kant uit. Tot sy blydschap kom hy buite. Dit was heerlik om in die agterplaas te speel. Die son was so lekker, dat hy glad vergeet om weer terug te gaan. Eindelik kry hy honger en ruik meteens iets lekkers.

Die groot hek, waar die winkelwaentjies uitry om goed by die mense se huise te gaan aflewer, staan oop. Die ruik kom daarvandaan, dink die katjie en draf die hek uit. 'n Endjie die straat af kry hy 'n klomp kinders.

„Kyk die mooi ou katjie!” sê een en hardloop na hom toe. Voor hy weet wat gebeur hang sy lyfie onderkant 'n vet armpie, wat hom vasdruk. Hy skop so al wat hy kan. Dit help niks nie. Toe krap hy met 'n voorpootjie en die kind los hom. So vinnig as hy kan, hardloop hy terug hek se kant toe. Maar die hek was nie meer oop nie en hy gaan verby

altyd hoër op in die straat tot hy heeltemal verdwaal was. Daar was so baie huise, maar net waar hy probeer ingaan, ja hulle hom weg of gooi hom uit.

Toë dit donker word, was hy doodmoeg en het vasgedruk teen 'n muur gaan lê.

51. SNOETJIE.

II.


Die ander dag môre word hy van die geblaf van 'n hond wakker. Hy skrik, want hy weet alles van 'n hond af en neem die loop. Sy vyand was kort agter hom en in sy angs kyk hy rond na 'n wegkruipplek, want daar was nie 'n boom in die nabyheid nie.

Die dag tevore het 'n klompie kaffers aan die straat gewerk. Party van hulle gereedskap is nog daar. 'n Paar grawe en pikke en ook nog 'n kan teer, wat hulle saam met die gruis op die straat gooi, het daar gestaan. Die katjie spring op die kan. Hy het nie geweet, dat die dun randjie nie plek vir sy voetjies het nie en hy tuimel in.

Terwyl hy benoud skree, sak hy stadig weg in die teer. Gelukkig daar kry sy agterpootjies grond en hy bly staan. Net sy koppie steek bokant die teer uit. Die hond staan naby en blaf en die katjie

krap in sy angs al teen die gladde kant, waar sy naeltjies nie wil ingaan nie.

„Waar hoor ek 'n katjie skree?” sê Marietjie, 'n dogtertjie wat vir haar ma 'n beker melk gaan haal het en hier verbykom. Sy sien die hond wat blaf en loop tot by die kan.



„Ag, die arme dingetjie!” roep sy, toe sy die kat-koppie bokañt die teer sien. Sy wou hom somar op die plek uithaal, toe sy nog betyds aan haar wit rokkie dink. So vinnig as sy kon loop, sonder om die melk uit te stort, gaan sy huis toe, om 'n suiker-sakkie in die kombuis te gaan haal. Kort daarna was sy terug.

„Liewe tyd, kind, hoe vreeslik!” sê haar ma,

toe sy die katjie sien en ook 'n paar lelike swart kolle op Marietjie se rokkie.

„Jy besmeer alles hier! Neem hom tog weg!”

„Waarheen Ma?” vra Marietjie verleë. „Ag Moeder, laat ek hom tog maar hou. Kyk die fraai



ogies. „Sy naam moet Snoetjie wees,” sê sy en lê haar krulletjies teen die kat se koppie.

Ma was moedeloos, maar het later tog vir Booi winkel toe gestuur om soetolie te koop.

En toe het die doktery begin!

Na 'n week was Snoetjie skoon, maar saam met die teer het al sy haartjies afgegaan. Marietjie het

darem glad nie moed opgegee nie. Sy het haar katjie sorgvuldig in olielappe toegedraai, tot die hare weer uitkom en hy weer mooier was as ooit.

Natuurlik het Snoetjie vir Marietjie baie lief gekry. As hy hom in die aand so lekker inmekaar rol op haar skoot en sy slaapliedjie begin te dreun, dan dink hy: „Die mense is daarom maar ons beste vriende.”

*
HETTIE CILLIE.

52. KLEIN ONDEUG.

Klein Ondeug is 'n klein seuntjie, wat in Suid-Rhodesië woon. Hy het 'n ander naam ook, maar die sal ons nie hier noem nie, want miskien kry die ou mannetjie nog eendag hierdie stukkies van sy geskiedenis in die hande en dan sal hy tog te veel van homself dink, of miskien word hy nog kwaad, omdat iemand dit durf waag om iets oor hom te skrywe.

Klein Ondeug is sy pappie en mammie se enigste seuntjie, maar hy het 'n klein sussie ook en dink net baie van haar. As hy 'n stukkies koek of iets anders het wat lekker is, dan bring hy altyd vir Sussie iets daarvan en al kan sy dit nog nie eet nie, dink hy sy moet en somtyds druk hy ook 'n stukkies koek in die babetjie se klein mondjie en sê:

„Toe nou, eet!”

Eendag het Klein Ondeug ’n paar kamaste van sy pappie in die hande gekry. Terwyl hy nog sukkel om hulle aan sy beentjies vas te maak, kom sy pappie en neem die kamaste af, want hy wou dit self gebruik en was haastig om oër te ry na die plaas van oom Herman van Zyl.

Klein Ondeug was baie hartseer oor die kamaste en het net so hard gehuil, as hy maar kon. Sy mammië het toe sy handjie geneem en hom na die slaapkamer gebring.

„Stil maar, my ou seuntjie,” sê sy mammië, „stil maar, jy het mos ook kamaste. Kyk hier is hulle. Kom trek hulle maar aan,” en sy mammië gee hom ’n paar gebreide kamassies.

Maar ai, was die klein kêreltjie nie kwaad nie! Hy gooi die kamassies op die grond neer en terwyl hy rondtrippel, skree hy: „Dis nie ’maste nie, dis kouse, dis kouse! Ek wil ’maste hê!”

Een keer het Klein Ondeug saam met sy ouers by ’n oom van hom gaan kuier. Sy drie klein niggies het elke dag met ’n donkiekarretjie skool toe gery. ’n Klein kaffertjie moes saamgaan om die karretjie weer terug te bring. Kort voor die skool uitkom, word die karretjie ingespan en gaan die kaffertjie weer die kinders haal. Toe Klein Ondeug by sy oom kom en hy sien hoe lekker die kinders elke

dag ry, toe moet hy ook altyd saamry en met Nesso, die kaffertjie, terugkom huis toe.


Die ander dag môre toe Klein Ondeug sien, dat die kinders klaar is om te ry, hardloop hy gou om sy hoed in 'n ander kamer te kry. Toe hy weer by die deur kom, sien hy die karretjie is weg. En wat dink julle het hy toe gedoen?

Hy het onder die eetkamertafel gaan lê en huil. Toe iemand vir hom sê, dat die kar weer daar staan, het die outjie gou opgespring, sy mammie 'n soentjie gegee, sy hoedjie styf op sy koppie vasgedruk en aangedraf kar toe. Hy was toe tog alte bly.

CHRIS. C. EUVRARD.

53. DIE SWARTBONT VARKIE.

Eenmaal het 'n swartbont varkie uit die varkhoek gedros; hy wou graag sien hoe die plaas lyk. Hoe die geboue lyk, daar het hy hom min aan gesteur, hy soek net kos, wat hy in sy hok nie kan kry nie, ook 'n modderplek om in te rol. By die tuin kom hy verby, en sien die hekkie wawyd oopstaan. O, dit was 'n mooi plek om te gaan besien. En hy stap die tuin in.



„Ug, ug!” sê die varkie, toe hy so staan en rondkyk. „Dis vir jou ’n mooi plek om in te wees.” En hy hou sy neus in die lug om rond te ruik. „Arrie! dit ruik hier lekker, ek wonder wat hier alles te snoep val. Vandag gaan ek verjaar tussen die lekker kos.”

Die tuin was vol mooi blomme. Daar was drie-kleurige viooltjies, madeliefies, rose, kanferfoelie en al die pragtige blomme net waarom ’n mens kan dink. Elke ding staan op die plek waar dit hoort. Daar was malvas in rye alkante van die paadjie en stokrose groei in ’n ry teen die tuinmuur. Vir die drie-kleurige viooltjies was daar ’n blombedding alleen gemaak, en die traliewerk van hout en draad hang vol druiwe, so ryp en so soet, dat dit die mond laat water. Die kinders uit hul eie mag nie eers daarvan pluk nie.

„Ug, ug!” sê die varkie. „Lekker plek hierdie,” en hy druk sy neus in die blombedding en voetel dit om, dat dit soos ’n klein ploegland lyk.

Al die pragtige driekleurige viooltjies ken hū plek nou nie meer nie, want wat nie onder die grond lê nie, lê in die son en bak. Só doen 'n varkie besigheid en hy dink dit hoort so.'

Onderwyl die varkie so sy plesier neem, kom die ou swart uilbaard-hen met haar kuikens aange-



stap. Hen het dertien kinders om kos te gee en so moet sy net rondstaan om genoeg kos te vind. Sy kom by daardie oop hekkie verby en voel toe net in haar glorie. Sonder om eenmaal te dink, stap sy in.

„Kloek, kloek!” roep sy haar kinders, om haar in die tuin te volg.

„Piep, piep!” roep die kuikens. „Wat is dit, 'n wurmpie, Ma?” vra almal toe hul nader draf.

„Nee, dis hier 'n mooi tuin; en niks is vir my lekkerder as om in 'n tuin te krap nie,” antwoord Hen, toe sy met haar klomp kuikens die tuinhêk indraf. Dit duur ook nie lank nie of sy krap, dat die grond so vlieg en haar kinders val om haar rond om wurmpies en goggatjies op te tel.


Daar was hul nie te lank besig nie of die ou rooi koei kom langs die heining aangestap. Sy was op weg om water in die dam te gaan drink. Maar toe sy die tuinhêkkie sien oopstaan, besluit sy om dadelik in te stap en te gaan sien wat binne aangaan.

„Boe, boe!” sê sy. „Julle het dit lekker hier. Ek hou so baie van heerlike sachte blomme.” En sy waai haar stert oor haar rug, toe sy die madeliefies van hul beddings afmaai.

„Kloek, kloek!” sê die hen. „Piep, piep!” sê die kuikens en „Ug, ug!” sê die swartbont varkie, want hulle is nou te bly om geselskap te hê. Terwyl hul so aangenaam met mekaar gesels, hier verskyn 'n wit konyn met sy helderrooi oë in die hekkie, en hy sê, toe hy inloer:

„O so, dan vier julle fees hier!” En hy draf na die rooi koei, die swartbont varkie met sy krulstert, en die uilbaard-hen met haar kuikens.

„Kom in, en help jouself!” roep die varkie.
 „Hier is nog baie plek vir ons almal.” So wip die
 konyn die tuin verder in en hy begin uit die staan-
 spoor aan die groen blaartjies van die viooltjies en
 druiwestok te peusel; die koei en die vark was toe
 al besig met die druiwe en die hen met haar kuikens
 tel die korrels van die grond op.



„Hoeveel van ons is nou hier?” vra die rooi
 koei. Maar voor hulle nog kan tel, kom die baas
 van die tuin aangestap. En toe hy so oor sy tuin
 kyk, roep hy uit: „Grote genugtig! Kyk hoe sien
 my viooltjies, my rose, my druiwe en my ander tuin-
 blomme daaruit!”

„Waaroor raas die baas?” vra die kuikens.

„Ek glo hy wil ons hieruit verwilder,” merk die hen op; en sy skud die stof uit haar vere om met die baas rusie te maak as hy dit durf waag. Sy staan toe al klaar.

Toe hol die koei een kant toe, en die vark na 'n ander kant toe. Die kuikens kruip onder die blom-



plante weg, terwyl die konyn hom onder die druiwe-
stok wegsteek. Al die tyd kekkel die hen, die vark
maak 'n lawaai en die baas skop 'n bombarie op.
Almal hardloop rond en vlug van een hoek na die
ander en trap die plante plat, en toe die baas al die

vernielers van sy tuin uitgeja het, sit die son net hoog in die lug; hy voel warm en was baie kwaad.

„Ug, ug!” skree die vark, toe hy met die voetpad langs draf en hy roep terug: „Wag maar; ons almal kom môre weer terug; hoekom mag jy alleen die plesier van die tuin hê?”

En toe hulle die volgende dag die tuin weer 'n besoek bring, was die hekkie dig toegesluit, sodat selfs die kuikentjies nie eers kon inkruip nie.

BEWERK DEUR G. R. VON WIELLIGH.

54. ONDER DIE DORINGBOOM.

Elsie het op 'n groot plaas gewoon met haar pa en ma. Sy het nie broertjies of sussies gehad nie, en daar was ook nie ander kinders op die plaas, waar sy mee kon speel nie. Nou sou 'n mens gedink het, dat sy baie eensaam moes voel, maar as 'n mens vir haar gevra het, sou Elsie dadelik gesê het, dat dit nie so was nie.

'n Mens wat so lief is vir die veld soos sy, voel nooit allenig nie. Kyk watter lekker maats kan jy maak met die voëltjies, met die paddatjies, die veldblommetjies, die miërkattjies, en al die ander diertjies. 'n Mens leer hulle somar maklik verstaan, as jy vir hulle lief is, en hulle vir jou.

En Elsie het altyd baie in die veld rondge-loop, daardeur het sy die bynaam gekry van Veldkindjie.

Sy was vriende met al die volkies van die veld, ja, en selfs Weerklank, wat daar in die diep, donker kloof bly, het altyd antwoord gegee as Elsie na haar roep.

Elsie wou tog te graag nog eendag na Weerklank gaan om uit te vind, hoe sy lyk. Sy was seker Weerklank moes haar liefgehad het, en moes goed wees, omdat sy altyd so mooi antwoord: „Goeienmôre!” as Elsie vir haar in die oggend gaan môresê, en dan sê sy ook ewe mooi: „Hoe gaan dit nog,” as Elsie vir haar vra hoe dit gaan.

Elsie het al gedink en gedink, en gedink, maar sy kon nie 'n plan kry om by Weerklank te kom nie. Die kloof was ver en baie donker, en buitendien het haar mammie gesê, sy mag nie verder alleen in die veld gaan nie, as waar die ou groot doringboom staan, ou Wag-'n-bietjie.

Mammie het haar vertel die ou boom het skerp dorings, een kromme, ou Haak, en een reguit een, ou Steek. Die twee is altyd bymekaar, en as ongehoorsame kinders verby wil gaan, dan haak ou Haak hulle somar vas, en ou Steek prik hulle op die arm, en dan sê hulle: „A, nee a! wag 'n bietjie, waar gaan julle heen?”

Maar as jy net tot daar loop, en stil in sy skaduwee gaan sit om uit te rus, doen hy jou niks.

Dit was eendag so'n warm somermiddag en Elsie het weer gegaan tot by die doringboom en toe daar in sy skaduwee gaan sit en uitrus.

Vandaar kon sy net mooi op die kloof kyk, en ag, hoe het sy verlang om daar te wees. Dit lyk tog te lekker koel daar, en daar groei seker wilde varings, wat 'n mens kan huis toe bring en plant.

Weerklank verlang seker net so baie na haar, want elke maal as Elsie roep en vra: „Moet ek kom?” dan antwoord sy: „Kom!”

Maar hoe om daar nou te kom sonder om ongehoorsaam te wees?

Elsie dink, en dink, en dink weer, tot haar kop seer is, en dan kyk sy weer op na ou Haak en ou Steek, maar sy kry nie 'n plan nie.

Soe! en dit was warm. Elsie gaan lê naderhand en maak haar oë toe: „Mammie sê mos altyd 'n mens kan beter dink, as jou oë toe is, as ek vir mammie raaisels vra, wanneer sy op die rusbank lê.”

Elsie het lank so gelê, totdat sy eindelijk 'n lawaai en 'n gesels om haar hoor, en raai net wat sien sy: 'n hele vergadering van al die diere van die veld sit om haar, en sy hoor Doringboom sê vir hulle: —

„Ja, dit is Elsie, en sy wil so graag na Weerklank gaan.”

Die diertjies kom al nader, en ou Haak en ou Steek skree: „Pas op, julle trap op haar en maak haar seer, en dan haak en steek ons julle!”

„O liewe tyd,” sê die Sonstraaltjies, wat in haar gesiggie kom loër, „asof ons nie vir Elsie ken nie: sy is dan een van ons, sy is die Veldkindjie, hoe sal ons dan ooit vir haar seermaak? Ons het dan nog vir haar die glans van haar goue lokke gegee, en ons speel elke dag wegkruipertjie daarin, wat weet julle, ou Haak en ou Steek?”

„En ek,” sê die Skaduwee, wat nie wil agter staan nie, want, sien julle, die Sonstraaltjies is 'n bietjie jaloers op Skaduwee, en wil hom altyd wegja, „en ek het my sambreeltjie oor haar gehou, toe sy geslaap het, sodat julle haar nie kan bruin brand nie.”

„Ja, en ek,” sê die diep Poel water, „ken haar baie goed, en ek het vir haar die diepte en die glans van haar oë gegee.”

„Sjuut, sjuut,” sê die Wind, „wat van my? Ek het dan nog vir haar wieglijedjies gesing, toe sy 'n babetjie was.”

„Vergeet nie, vergeet nie,” sê 'n sagte ou stemmetjie agter hulle, en Vergeet-my-nietjie kyk ewe bedees op, „ek het vir haar die blou van haar ogies

gegee," en toe hulle na haar kyk, laat sak sy somar weer haar koppie, asof sy bang is, dat sy gepraat het.

„En jy, wat het jy vir Elsie gegee?" vra nuuskierige Apie vir Kruidjie-roer-my-nie, en sit sy kloutjie onder haar ken om haar te terg, „ek hoop tog nie haar humeur nie?"

„Ag wag, laat staan vir my," sê die nukkerige Kruidjie, en ruk haar los, „wat gaan dit jou aan?"

„Sjuut, sjuut, stilte," fluister die Wind.

„Ja, stilte, dis die vernaamste," sê ou Uil, wat net wakker skrik.

„Wag 'n bietjie, moet nou nie stry nie," sê Doringboom, „ons weet almal Elsie is een van ons, en daarom sal ons haar help."

„Help, waarmee?" skree die nuuskierige Apie, en almal skree agterna:

„Help, waarmee?"

„Kyk," sê Doringboom, „Elsie wil graag na Weerklank gaan. Julle sal seker almal met my saamstem, dat ons haar moet help om daar te kom, want sy kan nie alleen gaan nie."

„A-ja-a, a-ja-a," sê almal, „ons moet haar help," en die mierkatte sit pen-orent, en die hasie spits sy ore om te hoor wat nou gaan gebeur.

„Tjirp, tjirp, ons moet 'n plan kry," sê die

Voëltjies, en draai hulle koppies ewe oulik na een kant toe, asof hulle baie diep oor die saak dink.

„Tjiek, tjiek, sekerlik,” sê die Veldmuis en kyk nuuskierig op van die saadjies, wat hy met sy lang genaelde toontjies deursnuffel.

„Natuurlik,” sê Apie, en draai die punt van sy lang stert bo-om 'n tak om homself laer te kan laat afsak, en so alles beter te hoor.

„Kwak-kwaak, ons is gewillig,” sê die Paddatjies, wat deftig in 'n kring op hulle wit paddastoele sit.

„Hoe-oe-e?” sê ou Uil, wat net weer wakker skrik uit 'n dutjie.

„Ja, hoe? dit is die vraag wat ons nou moet bespreek,” sê ou Doringboom. „Ons weet almal, Weerklank bly ver vanhier, wie sal nou die beste wees om met Elsie saam te gaan?”

„Ek sal, ek sal,” klink dit van alle kante, en die paddas staan glad reg-op bo-op die paddastoele, en kwaak dat dit so dreun, om te wys hoe gewillig hulle is om te gaan, en die mierkatte spring bo-op hulle sandbulte en waai hulle sterte om aandag te trek.

„Sjuut, sjuut,” sê die Wind, „stilte, moenie so opgewonde word nie!”

„Ja, stilte,” sê ou Uil weer, want hy wil alte graag tussenin 'n bietjie sluimer.

„Wag 'n bietjie, hier kom Skilpad, laat ons hoor wat sê hy. Hy is die oudste en sal ons die beste raad kan gee,” sê die Doringboom.

„Ag, nee wat,” sê ongeduldige Hasie, „hy is te stadig, ons kan nie vir hom wag nie.”

„Stil Hasie!” sê Uil, „weet jy nog nie dat kinders nie altyd tussenin moet praat, as die oueres bymekaar is nie? Kinders moet gesien, maar nie gehoor word nie.”

Die Koggelmandertjies kry tog te lekker, dat Uil vir parmantige Hasie so op sy plek sit, en hulle koggel hom uit, net toe Uil sy oë weer mooi toe het. Hulle is bang Uil sal hulle ook maniere leer, as hy hulle sien.

Maar die Krimpvarkie kon dit nie hêlp nie, en hy rol van die lag.

Skilpad het onderwyl nader gekom, en al die tyd gehoor, wat Hasie gesê het. Hy weet Hasie is afgunstig op hom van hy nou-die-dag vir Hasie given het, toe hulle reisies geja het. Daarom maak hy net of hy hom nie sien nie, en sê vir die ander, ewe beleef:

„Ek is spyt, dat ek julle laat wag het, maar hoe sê die boer: „Agteros kom ook in die kraal.”

„Of, die wat die laaste lag, lag die lekkerste,” skree die Koggelmandertjies, en bars nou weer hardop uit.

„Nee wat,” sê Apie ewe spotterig, toe hulle klaar gelag het, „ons nuwe spreekwoord is maar die mooiste, „hoe meer h a a s, hoe minder speed, wat sê jy, Hasie?”

.....

Die diere het toe later besluit, dat Skilpad vir Elsie na Weerklank sal bring.

En toe het die twee maar dadelik begin te loop.

Uit ELSIE DIE VELDKINDJIE

deur RIEKIE POSTMA.

55. DIE PEERBOOM.

Die peerboom, sê pappie,
Staan jarelank al hier;
En somers dra hy vrugte,
Vir almal se plesier.

Hy lyk so goed en vriend'lik,
Sy arms uitgesprei;
Die vinkies bou daar nessies,
Om in die wind te ry!

Hy vleg al oor die nessies
Sy blare koel en groen,
Sodat geen somerson ooit
Die kleintjies kwaad kan doen.

Ek kyk saans deur die venster
 Na die ou pereboom,
 Hoe hy die voëltjies skommel,
 Wat daar so lekker droom!

Kom net 'n stoute windjie
 Gejakkter om die draai,
 Dan skud sy kop „sjuut, suutjies!”
 En wieg hy weer en swaai.

Maar in die winter, o tyd!
 Dis tog so bitter koud!
 Dan staan die ou peerboom, daar
 Verlate, kaal en oud!

Maar wat ek nie verstaan nie,
 So oud soos hy daar lyk,
 Kan hy nog baie snaaks wees—
 Ek het vir hom staan kyk:

Gisteraand in wind en reënstorm,
 Toe loer ek in die nag...
 Daar staan hy „jie-jie”-krakend,
 En bukkend van die lag!

Sy trane loop, so lag hy,
Sy „kraak” word hees oplaas!
So vrolik soos 'n Hotnot!
Ek was so skoon verbaas!

HILDA POSTMA.



'n Serie Engelse Leesboeke vir Afrikaans Medium Skole.

Young South Africa English Readers

— by —

C. J. ALERS, B.A.,

— and —

T. CHARTER, B.A.,

A New Era in the teaching of English Reading to the Afrikaans-speaking child.

YOUNG SOUTH AFRICA, ENGLISH READERS are written in *Colloquial English*, simple but correct, and they reflect the SOUTH AFRICAN ENVIRONMENT.

Another unique feature is that the first few books of the series are written exclusively in the PRESENT TENSE.

ONE DIFFICULTY AT A TIME!

Copious illustrations, many of them in colour, by South African artists. Pictures full of action and interest.

JUST WHAT YOU WANT FOR THE CONVERSATION LESSON.

Six Standerds.

'n Serie Engelse Taalboeke vir Afrikaans Medium Skole.

Young South Africa Systematic English

deur die skrywers van

“Young South Africa—English Readers.”

Sover ons bekend is bestaan daar nog nie Engelse taalboekies wat spesiaal opgestel is om te voorsien in die behoeftes van ons Afrikaans sprekende kinders nie.

Die skrywers van die bekende Serie Engelse leesboekies YOUNG SOUTH AFRICA het daarom 'n reeks Engelse taalboekies saamgestel in die eerste plaas met die oog op wat Afrikaans sprekende kinders nodig het.

Die doel van hierdie boekies is:—

- a. te help om vloeiend en suiwer te leer praat.
- b. verband te bring tussen praat en lees.
- c. om die leerling geleidelik voor te berei tot die skrywe van opstelle.

St. I									2/-
St. II									2/2
St. III									2/4

Std. 4—6 is in bewerking.

J. L. VAN SCHAİK, BPK., UITGEWERS, PRETORIA.

Gegradeerde Oefeninge in Rekenkunde.

— deur —

S. N. VAN VUUREN,
Hoof Pretoria Wes A.M. Skool,

— en —

R. OGDEN.
Hoof Sunnyside Skool, Pretoria.

Die volgende is die vernaamste kenmerke:—

1. Drilsirkels word gebruik om snelheid en vaardigheid te bevorder in die gebruik en bewerking van die beginsels in Rekenkunde.
2. Een reël word op 'n slag behandel. Genoeg oefeninge word gegee om die reël te leer, en as dit eenmaal onder die knie is, word die kans om dit weer te vergeet nie gegee nie.
3. Die voorbeelde is sorgvuldig gerangskik.
4. Die metodes waarin die voorbeelde uitgewerk is, het waardevol geblyk in die praktyk.
5. Die rangskikking van die werk in kort oefeninge sal die taak van onderwysers-esse, wat die individuele metode volg vereenvoudig om toewysings te maak en hulle leerlinge sal die verskillende uitgewerkte voorbeelde van groot nut vind.

Ses. Standerds in Afrikaans en in Engels.

J. L. VAN SCHAİK, BEPK., PRETORIA.

ONS LEESUURTJIE.

Van Schaik se Kinderboekery.

EERSTE REEKS. Vir kinders van 6 tot 8 jaar.

10 Pennies elk.

Die Wit Takbakkie Grimm.
 Die Troue Hond Bray.
 Die Skoelapper se Partytjie Uit die Russies.
 Roland en Meiblom Grimm.

TWEDE REEKS. Vir kinders van 8 tot 10 jaar.

1/- elk.

Wollie en Donsie Mockler.
 Willie Swart
 Die Jong Reus en die Snyder Grimm.
 Die Skippie Romney.

DERDE REEKS. Vir kinders van 9 tot 10 jaar.

1/- elk.

Die Waternooientjie H  ns Andersen.
 Sasha die Slaaf Uit die Russies.
 Die Storie van Aeneas Uit die Grieks.
 Koning Midas Hawthorne.
 Op die Proef Gestel Clarke.

VIERDE REEKS. Vir kinders van 10 tot 12 jaar.

1/4 elk.

Die Koning van Goudrivier Ruskin.
 Die Towerpaleis Hawthorne.
 Doen jou plig Henty.
 Die Leuningstoel M'Kenn  .

VYFDE REEKS. Vir kinders van 12 tot 14 jaar.

1/10 elk.

Manco, die Hoofman Kingston.
 Die Twee Prisoniers Henty.
 Die Koraaleiland Ballantyne.
 Die Rooihuide Henty.

SESDE REEKS. Vir kinders van 12 tot 16 jaar.

1/10 elk.

Sendingreise Livingstone.
 Sydney Carton Dickens.
 Silas Marner George Eliot.
 Neerlaag van Generaal Braddock Thackeray.

J. L. VAN SCHAİK, BEPK., PRETORIA.

ONS LEESUURTJIE.

Van Schaik se Kinderboekery

VERVOLGREEKS.

In hierdie VERVOLGREEKS sal verskyn :

Prys.

VIR DIE JONGERES (van 9 tot 12 jaar):

- *26. *Skatkissie*, Verhale van Johan Peter Hebel 1/-
- *27. *Koning Bob, die Olifant*, Theodor Volbehr 1/10
- 28. *Kinderjare van 'n Roothuid*, Charles Eastman
- 29. *Sinbad die Seevaarder*, Uit Duisend-en-een-Nag
- 30. *Die Karavaan*, Wilhelm Hauff

VIR DIE GROTER KINDERS (van 12 tot 15 jaar):

- *31. *Die Sjeik van Alexandrië*, Wilhelm Hauff 1/6
- *32. *Robinson Crusoe*, Daniel Defoe 1/10
- *33. *Die Eskimos*, Roald Amundsen 1/6
- 34. *Deur die Bosse van Brasilië*, Dr. K. A. Wettstein
- *35. *Anderkant die Himalajaberge*, Sven Hedin 1/6
- 36. *Die Sage van Frithiof*, Ferdinand Brassler
- 37. *Annie, Hannie en Sannie*, Ludwig Anzengruber
- *38. *Stories uit die Edda* 1/6
- 39. *Helde uit Noorweë*
- 40. *Daniel Basch*, Theodor Storm
- *41. *Op Jag in die Wildernis*, deur Theod. Roosevelt 1/6
- 42. *Siegfried, die Niebelungenheld*
- 43. *Verhale uit die Dierewêreld*, Hermann Thomas
- *44. *By die Suidpool*, Carsten Borchgrevink 1/10
- 45. *Helde uit Griekeland*, Berthold Niebuhr
- 46. *Sages van die Ryn*, Ludwig Bechstein
- *47. *Vere Maak die Voël*, Gottfried Keller 1/-
- *48. *Deur Eensame Siberië*, Oscar Iden-Zeller 1/6
- 49. *Indiese Fabels*, Clara Hepner
- *50. *In die Hartjie van Oos-Afrika*, Hertog Adolf. Fr. van Mecklenburg 1/10

Die met 'n * gemerk is gereed en goedgekeur deur die Boekommissie van die T.O.D.

Die origes is almal in bewerking en sal spoedig klaar weer.

J. L. VAN SCHAİK, BEPK., Uitgewers, PRETORIA



Vir ons Kinders.



DRIE NUWE BOEKE:

PEIK, die geskiedenis van 'n klein
Noorse seuntjie, deur Barbra
Ring 3/6, posgeld 3 p.

KLEIN AKE, en sy eie wêreld, deur
Bertie Malmberg 3/6, posgeld 3 p.

OUTA FRANSIE en ander Verhale,
deur Sita 3/6, posgeld 3 p.

Drie mooie leesboekies vir kinders van 8—12 jaar.
Kinders sal hiervan geniet sowel om die inhoud as die
aantreklike uiterlik van die boekies.

EN TOE DIE PRINS KOM.

'n Verhaal van 'n Afrikaanse
Aspoestertjie, deur Sita 3/6, posgeld 3 p.
Vir kinders van 10—14 jaar.

Drie Toneelstukke vir Kinders:

ELSIE DIE VELDKINDJIE.

Toneelstuk vir Kinders, bewerk
na die boek van Rikie Postma,
deur Talitha en Steph. Faure 2/3, posgeld 2 p.

WAAR DIE REENBOOG END.

Toneelstuk vir Kinders, deur
Rikie Postma 2/9, posgeld 2 p.

ISBOSET.

Sangspel vir Kinders. Met
musiek en tekenings deur
Mev. T. C. Pienaar 2/9, posgeld 2 p.

J. L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA.

